Kwartaal 1

Onderwerp 1 Binnelandse, streeks- en internasionale toerisme

Oorsig

Hierdie onderwerp stel jou bekend aan toerisme en die impak van wêreldgebeurtenisse op die toerismebedryf, asook die positiewe en negatiewe gevolge wanneer ’n land ’n wêreldgebeurtenis aanbied.

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- wêreldgebeurtenisse van internasionale betekenis
- die positiewe en negatiewe invloed van wêreldgebeurtenisse op internasionale toerisme
- die invloed wat die aanbieding van ’n wêreldgebeurtenis op binnelandse toerisme in die gasheerland het
- die invloed wat die aanbieding van wêreldgebeutenisse op die ekonomie van die gasheerland het
- die voordele en nadele van gasheerheerskap vir die gasheerland
- politieke situasies en onvoorsiene gebeurtenisse van internasionale belang
- die invloed van hierdie situasies en gebeurtenisse op internasionale toerisme en die ekonomie van die land waar die gebeurtenis plaasgevind het.

Wêreldgebeurtenisse van internasionale belang

- Definisie van ’n wêreldgebeurtenis
- Soorte gebeurtenisse
- Die invloed van wêreldgebeurtenisse op internasionale toerisme
- Die invloed van die aanbieding van ’n wêreldgebeurtenis op die gasheerland
- Die voordele en nadele vir die gasheerland

→

Politieke situasies en onvoorsiene gebeurtenisse van internasionale belang

Die begrippe
Voorbeelde van onlangse politieke situasies
Voorbeelde van onvoorsiene gebeurtenisse
Die uitwerking van politieke situasies en onvoorsiene gebeurtenisse op internasionale toerisme en die ekonomie van die betrokke land

Eenheid 1 Wêreldgebeurtenisse van internasionale belang

1. Wat is ’n wêreldgebeurtenis?

’n Wêreldgebeurtenis is ’n georganiseerde gebeurtenis waarby mense uit lande van regoor die wêreld betrokke is. Daar is baie verskillende soorte wêreldgebeurtenisse en hulle kan baie media-aandag trek.

1.1 Sportgebeurtenisse

Sporttoerisme verwys na reis met die doel om óf sport te kyk óf daaraan deel te neem, en in die proses weg van die gewone omgewing te bly. Sporttoerisme is ’n vinnig groeiende sektor van die wêreldwye reisbedryf en dra jaarliks 600 miljard dollar tot die wêreldekonomie by. Sportgebeurtenis-toerisme verwys na die besoekers wat ’n stad besoek om sport te kyk. ’n Voorbeeld hiervan kan tydens die Olimpiese Spele gesien word. ’n Reuse-aantal toeriste besoek elke Olimpiese gasheerland.

Voorbeelde van groot internasionale sportgebeurtenisse:

- Die Olimpiese Spele is die grootste sportgebeurtenis ter wêreld.
- Die FIFA Sokkerwêreldbekertoernooi is die tweede grootste sportgebeurtenis ter wêreld.
- Die Tour de France-fietstoer is die derde grootste sportgebeurtenis ter wêreld en vind hoofsaaklik in Frankryk plaas.
- Wimbledon is ’n gesogte internasionale tennistoernooi wat elke jaar in Londen se voorstad Wimbledon gespeel word.
- Die Comrades-marathon is die wêreld se grootste ultramarathon. Dit vind elke jaar in Mei of Junie tussen Pietermaritzburg en Durban in KwaZulu-Natal plaas.

1.2 Ander gebeurtenisse

Die G8-beraad: Hierdie is ’n forum vir die regerings van agt van die wêreld se grootste ekonomieë: Frankryk, die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk, Rusland, Duitsland, Japan, Italië en Kanada. (Dit sluit egter twee van die werklike agt uit, naamlik China, 2de, en Brasilië, 7de). Die afgelope paar jaar het die “Plus Vyf-lande”, naamlik Brasilië, die Volksrepubliek van China, Indië, Mexiko en Suid-Afrika die geleentheid as gaste bygewoon.

Berade oor klimaatsverandering: Berade oor klimaatsverandering probeer maniere vind waarop koolstofvrystellings en besoedeling wêreldwyd beperk kan word. In 2000 is die Suider-Afrikaanse Ekonomiese Spitsberaad in Durban gehou. In 2011 is die VN se Beraad oor Klimaatsverandering ook in Durban gehou.

Toerisme-indaba: Die woord “indaba” is ’n Zulu-woord wat beteken “’n vergadering van die oues”, maar dit word ook as ’n algemene term vir vergaderings, uitstallings en konferensies gebruik. Die Toerisme-indaba is Suid-Afrika se toonvenster vir toerisme. Dit is die grootste handelsuitstalling vir inkomende reise na Afrika en word jaarliks gehou.

2. Die invloed van wêreldgebeurtenisse op internasionale toerisme

2.1 Positiewe invloed

- Korttermyn- ekonomiese voordele sluit in groter besteding by hotelle, restaurante en winkels, en die skepping van tydelike werk.
- Langtermyn- ekonomiese voordele sluit in ’n toename in internasionale toerisme en investering as gevolg van die feit dat die naam wêreldwyd meer bekend raak weens mediadekking.
- Lei tot ’n positiewe invloed op die verbintenis wat mense oor die lang termyn met die gasheerland het.

2.2 Negatiewe invloed

- Dit kan die land ’n lang tyd neem om die skuld af te betaal wat weens die aanbieding van die gebeurtenis aangegaan is.
- Fasiliteite soos sportstadions wat spesiaal vir die gebeurtenis gebou is, is dalk nie geskik vir plaaslike gebruik ná die gebeurtenis nie.
- Ander fasiliteite wat gebou is om die internasionale toeriste te huisves wat die geleentheid bygewoon het, kan dalk leegstaan as die aantal toeriste ná die gebeurtenis afneem.

3. Die invloed van die aanbieding van ’n wêreldgebeurtenis op die gasheerland

Die nalatenskap van die gebeurtenis kan die welstand en lewenstyl van inwoners van die gasheerland oor die lang termyn verbeter. Dit lewer ’n geweldige bydrae tot nasiebou, soos ons in Suid-Afrika gesien het toe ons die 2010 FIFA Wêreldbekertoernooi aangebied het.

3.1 Die invloed op binnelandse toerisme in die gasheerland

Binnelandse toerisme neem af in die gasheerland tydens groot wêreldgebeurtenisse soos die Olimpiese Spele, die FIFA Sokkerwêreldbekertoernooi of die Tour de France. Tydens ’n wêreldgebeurtenis word plaaslike toeriste by die gewildste toeristeplekke vervang deur buitelandse toeriste.

3.2 Die invloed op die ekonomie van die gasheerland

Die aanbieding van wêreldgebeurtenisse kan die volgende positiewe invloede hê:

- Die generering van valuta-inkomste.
- Beleggings.
- Die vermenigvuldigereffek soos geld wat deur ’n toeris spandeer word deur die ekonomie sirkuleer.
- Ontwikkeling van infrastruktuur in die gasheerland.
- Werkskepping.
- Toekomstige groei in internasionale toerisme.

Die aanbieding van wêreldgebeurtenisse kan die volgende negatiewe invloede hê:

- Fasiliteite wat vir die gebeurtenis gebou is, is dalk nie geskik vir plaaslike gebruik ná die tyd nie.
- Binnelandse toerisme in die gasheerland neem gewoonlik af gedurende die gebeurtenis.
- Besoedeling van gebiede in en om die plekke wat tydens die gebeurtenis gebruik word.
- Moontlike veiligheidsrisiko’s.
- Dit kan die land lank neem om sy skuld terug te betaal.

- Konstruksiewerkers wat betrokke is by die bou van paaie en ander geriewe ter voorbereiding vir die gebeurtenis, kan hul werk verloor sodra die konstruksiewerk voltooi is.

Eenheid 2 Politieke situasies en onvoorsiene gebeurtenisse van internasionale belang

1. Begrippe

1.1 Politieke situasies

Politieke situasies is gebeure wat verband hou met die politieke gebeurtenisse in ’n land of streek, byvoorbeeld burgeroorlog of terrorisme.

1.2 Onvoorsiene gebeurtenisse

Onvoorsiene gebeurtenisse is dinge wat gebeur sonder enige waarskuwing, byvoorbeeld aardbewings en natuurrampe.

2. Voorbeelde van onlangse politieke situasies

’n Toeris se persepsies van politieke onstabiliteit en veiligheid in ’n land beïnvloed hulle besluite of hulle daarheen gaan reis of nie.

2.1 Burgeroorlog

’n Burgeroorlog is ’n oorlog tussen opponerende groepe burgers van dieselfde land. Burgeroorloë het onlangs in Libië, Egipte, Somalië en Kenia voorgekom.

2.2 Terrorisme

Terrorisme is die gebruik van gewelddadige optrede om ’n politieke doel te bereik. Een van die mees beduidende terroriste-aanvalle die afgelope jare was die aanval op die Wêreldhandelsentrum in New York op 11 September 2001.

2.3 Algemene onrus

Onrus behels ’n toestand van ongemak en oproer. Algemene onrus in Zimbabwe het bykans al die toerisme na die land tot stilstand gebring

3. Voorbeelde van onvoorsiene gebeurtenisse

3.1 Tsoenami’s

’n Tsoenami is ’n reeks baie groot golwe in die oseaan wat veroorsaak word deur ’n aardbewing of vulkaniese uitbarsting onder die water. Die groot golwe beskadig infrastruktuur, geboue, besienswaardighede, hawens, kuslyne en strande.

3.2 Aardbewings

’n Aardbewing is ’n skielike, kragtige skudding van die grond. Dit word veroorsaak deur bewegings binne die aardkors of deur vulkaniese aktiwiteit, en het soms groot verwoesting tot gevolg.

3.3 Natuurrampe

'n Natuurramp is 'n gebeurtenis wat deur natuurkragte, soos byvoorbeeld 'n tornado, veroorsaak word en dit kan groot verwoesting aanrig.

3.4 Wêreldwye resessie

'n Wêreldwye resessie is 'n tydperk van algemene ekonomiese daling regoor die wêreld. Dit het 'n direkte invloed op die vraag na toerisme omdat mense minder geld het om te spandeer.

3.5 Siektes

'n Siekte is 'n abnormale toestand wat die normale liggaamsfunksies onderbreek en 'n gevoel van pyn en swakheid veroorsaak. Siektes soos malaria, geelkoors en meer onlangs voëlgriep en varkgriep, maak reisigers bang om sekere gebiede te besoek.

3.6 Ongelukke

Vervoerongelukke kan 'n negatiewe uitwerking op toeristegetalle hê omdat dit die veiligheidsbeeld van 'n bestemming skaad.

3.7 Ekonomiese ontwrigting

Toerisme-instellings soos hotelle en besienswaardighede kan ekonomiese ontwrigting ervaar wanneer hulle finansiële probleme of moeilike omstandighede beleef weens 'n lae besoekersgetal.

4. Die uitwerking van politieke situasies en onvoorsiene gebeurtenisse op die ekonomie van die betrokke land en internasionale toerisme

Die uitwerking van die afname in toerisme op 'n land se ekonomie kan rampspoedig wees. Dit kan tot 'n toename in werkloosheid, dakloosheid, deflasie, misdaad en ander maatskaplike en ekonomiese probleme lei. Voorbeelde sluit in:

- Reisigers wat reeds bespreek het kan dalk hul besprekings kanselleer.
- Toeriste wat nog nie hul besprekings na geaffekteerde gebiede gedoen het
- nie, stel hul besprekings uit, of gaan na ander plekke.
- Toeroperateurs vermy dit om reise na geaffekteerde lande te bespreek.
- Lugredery staak hul vlugte na geaffekteerde gebiede.

Vrae

1. Wat verstaan jy onder die term *wêreldgebeurtenis*? (4)

2. Noem twee van die grootste sportgebeurtenisse in die wêreld. (4)

3. Wat verstaan jy onder die term toerisme-indaba? (6)

4. Lys ses positiewe gevolge vir ’n land wat ’n wêreldgebeurtenis aanbied. (12)

5. Lys ses negatiewe gevolge vir ’n land wat ’n wêreldgebeurtenis aanbied. (12)

6. Noem drie voorbeelde van politieke onstabiliteit en veiligheid in ’n land wat ’n toeris se besluit beïnvloed om daarheen te reis al dan nie. (6)

7. Gee ’n voorbeeld van ’n onvoorsiene gebeurtenis wat toerisme kan beïnvloed. (2)

8. Gee vier voorbeelde van die uitwerking van politieke situasies en onvoorsiene gebeurtenisse op toerisme. (8)

9. Gee vier voorbeelde van siektes wat mense bang kan maak om na sekere gebiede te reis. (4)

10. Verduidelik wat die woord tsoenami beteken. (4)

Onderwerp 2 Kaartwerk en toerbeplanning

Oorsig

Beplanning is baie belangrik in enige bedryf en nog meer so in die toerismebedryf omdat aandag aan detail die verskil maak tussen ’n toer wat suksesvol beplan is al dan nie.

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- toerplanne en roetebeplanning
- die opstel van ’n dag-vir-dag-reisplan
- die opstel van ’n toerbegroting
- die begrippe Wêreldgesondheidsorganisasie, gesondheidsertifikate, reisklinieke, verpligte en aanbevole inentings
- gesondheids- en veiligheidsmaatreëls vir toeriste wat na hoërisiko-gebiede reis
- vereiste reisdokumentasie vir toeriste wat tussen lande reis
- doeane-regulasies wanneer iemand vertrek uit of arriveer in Suid-Afrika
- die begrippe belastingvrye goedere, verbode goedere, groen kanaal, rooi kanaal, goedere wat verklaar moet word, en reistoelae
- wêreldtydsones en dagligbesparingstyd
- die invloed van tydsones en dagligbesparing op reisbeplanning
- berekening van aankoms- en vertrektye met en sonder dagligbesparingstyd
- vlugvoosheid en vluguitputting.

Toerplanne en roetebeplanning
- Ontwikkeling van toerplanne
- Roetebeplanning

Stel ‘n toerbegroting op
- Faktore wat die opstel van ‘n begroting beïnvloed
- ‘n Basiese toerbegroting

Reisdokumentasie
- Vereiste reisdokumente
- ‘n Internasionale rybewys
- Paspoorte
- Visums

Wêreldtydsones
- Begrippe
- Inleiding tot ’n wêreldtydsone-kaart
- Dagligbesparingstyd (DBT)
- Die uitwerking van tydsones en DBT op reisbeplanning en reise

Stel ‘n dag-vir-dag-reisplan op
- Die hoofaspekte van ’n reisplan
- Vereistes vir logiese beplanning van ’n
- reisplan
- Stel reisplanne vir verskillende scenario’s op

Gesondheid en veiligheid

1. Gesondheid
- Begrippe wat met gesondheid verband hou
- Voorsorgmaatreëls wanneer na ’n hoërisiko-bestemming gereis word
- Verpligte inentings vir aankoms/vertrek uit hoërisiko-gebiede
- Risiko van TB en MIV/Vigs vir inkomende toeriste
- Aanbevole gesondheidsmaatreëls vir besoeke aan hoërisiko-gebiede

2. Veiligheid van toeriste
- Redes waarom die veiligheid van toeriste in Suid-Afrika belangrik is
- Algemene veiligheidsmaatreëls vir toeriste

- **Die berekening van wêreldtye wanneer tussen lande gereis word**
- Die berekening van aankoms-, vertrek- en vliegtyd

Eenheid 1 Toerplanne en roetebeplanning

1. Stel toerplanne op

Mense reis om baie verskillende redes. Wat ook al die rede, as die reis goed beplan is, sal dit meer waarskynlik suksesvol wees.

1.1 Wat is ’n toerplan?

’n Goeie toerplan dui die volgende aan:

- die roete wat die toer gaan volg
- die duur van die toer
- die vervoermetode
- die soort verblyf
- die etes en drinkgoed wat aangebied word
- interessante plekke en besienswaardighede om te besoek
- ontspanningstyd vir toeriste
- die datums van die toer
- die koste van die toer (begroting).

1.1.1 Soorte toere

Pakkettoer: Staan ook as ’n inklusiewe toer bekend omdat die prys alles-insluitend is. Die reisplan vir ’n pakkettoer word vooraf opgestel.

Begeleide pakkettoer: ’n Toergids begelei die toer en sorg vir alle dienste van die begin tot aan die einde van die toer.

Pakkettoer vir groepe: Hierdie toere is gewild by mense wat die eerste keer reis, en vir toeriste wat verkies om in ’n groep te reis. Die reisplan is vas en kan nie verander word nie. Omdat dit vir groot groepe toeriste georganiseer word, is die toer meer bekostigbaar.

Onafhanklike pakkettoer: Hierdie toere word beplan om te voldoen aan die behoeftes van die toeris. Die reisplan is buigsaam en kan verander word indien nodig.

Geskeduleerde toere: Geskeduleerde toere het ’n tydrooster met vasgestelde vertrek- en aankomstye.

1.3 Toeristeprofiele

’n Toeristeprofiel is ’n opsomming van persoonlike inligting en feite wat verband hou met die toeris se begeertes en verwagtinge. Die toeristeprofiel help die reisagent om ’n toer te beplan en om seker te maak dit voldoen aan die toeris se behoeftes.

1.4 Beskikbare begroting

’n Toerbegroting word bereken op grond van die koste van die verskillende toerkomponente. Dit sluit in:

- vervoer
- verblyf
- maaltye ingesluit in die toer
- besoeke aan besienswaardighede, insluitend toegangsfooie, permitte en opsionele ekstras
- bykomende koste, insluitend lughawebelasting, diensfooie, ens.

1.5 Beskikbare tyd

Wanneer ’n toerplan opgestel word, is dit belangrik om daaraan te dink hoeveel tyd die toeris beskikbaar het. Stappe moet gedoen word om tydmors te vermy, maar ook te verseker dat die toeris voldoende tyd vir ontspanning het.

2. Roetebeplanning

Roetebeplanning behels dat die beste manier van reis gekies word na al die bestemmings wat op die toerplan voorkom. Die afstande tussen die plekke wat op die roete besoek word, moet in ag geneem word. Die volgende sal help om ’n logiese roeteplan te ontwikkel:

- kennis van die geografie van die streek
- ’n verskeidenheid kaarte
- afstandtabelle om die afstande tussen groot stede te bepaal
- ’n GPS
- rekenaars of slimfone
- toerbrosjures, reisgidsboeke en reistydskrifte.

3. Keuse van vervoer en verblyf wat by die kliënt se behoeftes en voorkeure pas

3.1 Vervoer

In toerplanne word daar van ’n verskeidenheid vervoeropsies gebruik gemaak vir elke been van die toer. Voorbeeld sluit in motors, busse, vliegtuie, ens.

’n Kliënt se vervoerkeuse kan ook beïnvloed word deur hulle besorgdheid oor die omgewing. Hulle kan die volgende faktore in ag neem:

- Brandstofuitlaatgasse uit motorvoertuie is skadelik vir die omgewing.
- Vliegtuie stel CO_2 en ander kweekhuisgasse in die boonste atmosfeer vry.
- Olie, swartwater, gryswater, vullis, gevaarlike afval, ballaswater, diesel en CO_2 vanaf toerskepe besoedel die see en beskadig koraalriwwe en die seelewe.

3.2 Verblyf

Die meeste lande bied ’n groot reeks verblyfkeuses wat wissel van luukse safari-lodges tot hostelle vir rugsakreisigers. Die soort verblyfinstelling wat die toeris kies, word beïnvloed deur ’n kombinasie van faktore wat insluit:

- die soort verblyf wat vereis word
- die gehalte van verblyf wat vereis word
- die verlangde plek
- die beskikbaarheid van verblyf

- die toeris se begroting.

4. Keuse van besienswaardighede en aktiwiteite wat by die toeris se profiel pas

4.1 Besienswaardighede

Wanneer ’n toer beplan word, sal die belangstellings en voorkeure van kliënte die keuse van besienswaardighede bepaal. Die besienswaardighede wat in ’n toerplan gebied word, is dikwels een van die hoofredes waarom ’n klant een toerplan bo ’n ander sal verkies**.**

4.2 Aktiwiteite

Die gewildheid van ’n toerplan hang af van die aktiwiteite wat by die besienswaardighede en bestemmings beskikbaar is. Toeriste geniet en onthou ’n toer as hulle aan hierdie aktiwiteite deelneem en dit ervaar.

Eenheid 2 Stel ’n dag-vir-dag-reisplan op

’n Toerplan gee inligting oor ’n toer. Die spesifieke detail word in ’n reisplan aangebied wat ’n skriftelike dag-vir-dag-skedule is van die datums, tye, vervoer, verblyf, bestemmings en aktiwiteite waaruit die toer sal bestaan.

Daar is drie verskillende soorte reisplanne:

- Spesifieke reisplanne word opgestel met die oog op ’n teikenmark.
- ’n Algemene reisplan vind byval by die algemene mark.
- ’n Persoonlike reisplan word vir ’n individuele toeris opgestel.

1. Die hoofaspekte van ’n reisplan

Die hoofaspekte wat in ’n reisplan aangedui moet word:

- vervoer
- verblyf
- besienswaardighede (natuurlik en mensgemaak)
- aktiwiteite (by natuurlike en mensgemaakte besienswaardighede)
- stilhou vir etes en verversings.

2. Faktore om te oorweeg wanneer ’n reisplan opgestel word

Faktore om te oorweeg wanneer ’n reisplan opgestel word:

- tyd
- toerdoelwitte
- toeriste se behoeftes en voorkeure

- toerinligting
- toerroete
- toervolgorde
- toerbegroting.

3. Stel reisplanne vir verskillende scenario's op

3.1 Aanbieding van 'n reisplan

- Die uitleg van die reisplan moet netjies, duidelik en interessant wees.
- Gebruik die 24-uurhorlosie om tyd aan te dui.
- Skryf die reisplan asof jy met die toeris praat.
- Moenie beloftes maak wat jy nie kan waarborg nie.
- Noem interessante feite.
- Gebruik byvoeglike naamwoorde om plekke te beskryf.

3.2 Formaat van 'n reisplan

'n Algemene reisplan kan in paragraaf- of in tabelvorm aangebied word.

Eenheid 3 Stel 'n toerbegroting op

'n Toerbegroting is 'n dokument wat al die onkoste van 'n toer spesifiseer en jou help om dienooreenkomstig te beplan. Om vas te stel wat die toer gaan kos is belangrik omdat dit sal bepaal wie dit sal kan bekostig om op die toer te gaan.

1. Faktore wat die opstel van 'n begroting beïnvloed

Die opstel van 'n toerbegroting hang van 'n aantal faktore af, soos:

- die soort toer
- die toergroep
- vervoer
- verblyf
- diverse uitgawes.

2. 'n Basiese toerbegroting

'n Basiese toerbegroting toon die koste van die toer, wat dit in- en uitsluit, en die koste van die opsionele ektras.

Eenheid 4 Gesondheid en veiligheid

Toeriste moet advies inwin oor moontlike gesondheidsrisiko's in die gebied waarheen hulle reis om die risiko om 'n siekte op te doen, te verminder. Ander moontlike gesondheidsrisiko's sluit in die uitwerking van ongewone klimaatstoestande, kontak met insekte en diere, en fisieke beserings.

1. Begrippe wat met gesondheid verband hou

1.1 Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO)

Die WHO is 'n gespesialiseerde agentskap van die Verenigde Nasies (VN) gemoeid met internasionale openbare gesondheid. Dit is op 7 April 1948 gestig en die hoofkwartiere is in Genève in Switserland. Sedert sy totstandkoming het die WHO 'n leidende rol gespeel in die uitwissing van pokke. Die huidige prioriteite sluit in oordraagbare siektes, veral MIV/Vigs, malaria en tuberkulose; die tempering van die gevolge van nie-oordraagbare siektes; seksuele en reproduktiewe gesondheid, ontwikkeling en veroudering; voeding, voedselsekerheid en gesonde eetgewoontes; beroepsgesondheid en middelmisbruik. Hulle is ook die dryfkrag agter die ontwikkeling van verslagdoening, publikasies en netwerkvorming.

1.2 Gesondheidsertifikate

Wêreldwye reise op die huidige skaal stel toeriste bloot aan 'n verskeidenheid gesondheidsrisiko's. Baie van hierdie risiko's kan beperk word deur voorsorgmaatreëls te tref voor die aanvang van 'n reis.

'n Gesondheidsertifikaat is 'n amptelike dokument wat uitgereik en onderteken word deur 'n gesondheidsoutoriteit. Dit bevestig dat 'n persoon die entstof of profilakse wat op die sertifikaat aangedui is, ontvang het.

1.3 Reisklinieke

Die verspreiding van aansteeklike siektes van een deel van die wêreld na 'n ander is nie 'n nuwe verskynsel nie, maar dit bly 'n bron van kommer. Reisklinieke voorsien die jongste gespesialiseerde internasionale gesondheidsorg.

1.4 Inentings

Miljoene sterfgevalle is al voorkom weens die wêreldwye immuniseringsprogramme teen aansteeklike siektes. Dit is vir toeriste belangrik omdat veilige en doeltreffende entstowwe help om die kans te verminder dat siektes opgedoen word wanneer na hoërisiko-gebiede gereis word.

Verpligte inentings: Die WHO besluit watter inentings verpligtend is.
Aanbevole inentings: Hierdie inentings word nie afgedwing nie, maar word aanbeveel as voorsorg.

2. Voorsorgmaatreëls wanneer na 'n hoërisiko-bestemming gereis word

Bestemmings word as ’n hoë risiko beskou as dit geleë is in streke wat ’n gevaar inhou vir die toeris se gesondheid. Gebiede waar malaria, bilharzia en cholera voorkom, is hoërisiko-bestemmings.

2.1 Malaria [changed to meet LB – in TG is says A region known to have malaria]

Malaria is ’n potensieel dodelike siekte wat oorgedra word deur die byt van muskiete.

Voorsorgmaatreëls wat toeriste kan tref wanneer hulle in malariabesmette gebiede reis:

- Gebruik anti-malaria-profilakse.
- Vermy dit om saans buite te wees.
- Dra klere wat soveel as moontlik van die liggaam bedek.
- Spuit slaapplekke met muskietafweerder.
- Slaap onder ’n muskietnet.
- Brand insekdoderspirale of gebruik elektroniese verdampingsmatjies.
- Vermy donker, klam plekke en gebiede met stilstaande water.

2.2 Bilharzia [Same as above]
Bilharzia staan ook bekend as skistosomiase en word veroorsaak deur parasiete wat vars water besmet, veral wanneer geïnfekteerde mense in die water urineer of ontlas.

Voorsorgmaatreëls is nodig wanneer in gebiede met bilharzia gereis word:

- Vermy dit om in damme en riviere te swem of te loop.
- Drink slegs gekookte of gefiltreerde water.
- Bad in warm water van minstens 65 °C om moontlike parasiete op die vel te vernietig.
- Droog vinnig en deeglik af met ’n handdoek om te keer dat die parasiet die vel binnedring.

2.3 Cholera [Same as above]

Cholera is ’n bakteriële siekte wat hoofsaaklik oorgedra word deur die besmetting van voedsel en water in gebiede waar swak sanitasie en higiëne is.

Toeriste in gebiede waar cholera voorgekom het, moet die volgende voorsorgmaatreëls in gedagte hou:

- Drinkwater moet gekook, gesteriliseer of gefiltreer word.
- Voedsel moet goed gekook en warm voorgesit word.
- Vermy halfgekookte of rou vis en skulpvis.
- Vermy plaaslike slaaie omdat dit cholera-besmette water kan bevat.
- Vermy voedsel en drinkgoed van straatsmouse.
- Swem slegs in chloor-swembaddens.

3. Verpligte inentings vir aankoms/vertrek uit hoërisiko-gebiede

’n Bewys van inenting word dikwels vereis van toeriste wat na of van lande met ’n hoë risiko vir ’n aansteeklike siekte reis. ’n Voorbeeld is ’n geelkoors-inenting.

4. TB, MIV en Vigs vir inkomende toeriste

4.1 Die risiko van TB vir inkomende toeriste

Tuberkulose (TB) is ’n aansteeklike siekte wat voorkombaar en behandelbaar is. Dit is volop in Suid-Afrika. Voorbeelde van die gedrag van inkomende toeriste wat die waarskynlikheid verhoog dat hulle aan die risiko van TB blootgestel kan word, is as volg:

- Om te reis met ’n vlug langer as agt uur terwyl binne twee rye van ’n geïnfekteerde passasier gesit word.
- Om oorvol openbare vervoer en verblyf-opsies te gebruik.
- Om tyd deur te bring in swak geventileerde en oorvol omgewings, soos binnenshuise gebeurtenisse en feeste.

4.2 Die risiko van MIV en Vigs vir inkomende toeriste

Toeriste moet bewus wees van die risiko vir MIV en Vigs wanneer hulle reis, aangesien daar geen entstof beskikbaar is om infeksie te voorkom nie.

5. Aanbevole gesondheidsvoorsorgmaatreëls vir besoeke aan gesondheidsrisiko-gebiede

Die WHO beveel ses algemene gesondheidsvoorsorgmaatreëls aan vir toeriste wat gebiede besoek waar ’n gesondheidsrisiko is. Let op die volgende:

- Insekte: Hou afweermiddels en medikasie byderhand.
- Inname: Drink gebottelde water en eet onbesmette kos.
- Indiskresie: Voorkom MIV/Vigs.
- Beserings: Neem ’n noodhulpkissie saam op reis. Gebruik sonskermroom.
- Indompeling: Moenie in varswaterriviere en damme swem nie.
- Versekering: Gebruik voorkomende medisyne en kry mediese versekering.

Die veiligheid van toeriste in Suid-Afrika is om die volgende redes belangrik:

- Toerisme genereer inkomste.
- Toerisme skep werk.
- Infrastruktuurontwikkeling.
- Gemeenskapsontwikkeling.

Eenheid 5 Reisdokumentasie

Toeriste benodig reisdokumente om toegang te verkry tot ’n land vir redes soos sekuriteit, gesondheid, veiligheid en identifikasie. Hierdie dokumente verskil van land tot land.

1. Vereiste reisdokumente

Die volgende reisdokumente word vereis vir toegang tot ’n land:

- paspoort
- visum

- gesondheidsertifikate vir party lande.

1.1 Geldige paspoort

'n Paspoort is 'n amptelike regeringsdokument wat jou identiteit en nasionaliteit sertifiseer en jou toelaat om na die buiteland te reis.

Daar is verskillende soorte paspoorte:

- toeristepaspoorte wat uit 32 bladsye bestaan
- maksi-toeristepaspoorte met 48 bladsye vir gereelde reisigers
- amptelike paspoorte
- diplomatieke paspoorte
- tydelike paspoorte.

'n Amptelike paspoort word uitgereik aan iemand wat op amptelike sake internasionaal reis vir die land en is gewoonlik 'n ander kleur as gewone paspoorte. 'n Diplomatiese paspoort word uitgereik aan iemand wat internasionaal vir amptelike staatsake gaan reis, soos diplomate en konsuls wanneer hulle na die buiteland gepos word. 'n Tydelike paspoort word uitgereik aan Suid-Afrikaanse burgers wat vir 'n gewone paspoort aansoek gedoen het, maar dringende moet reis voor die gewone paspoort uitgereik kan word.

1.2 Visum

'n Visum is 'n endossement by 'n paspoort wat aandui dat die houer daarvan 'n land mag binnekom, verlaat of vir 'n spesifieke tydperk daar mag bly. 'n Aansoek vir 'n visum moet gewoonlik gedoen word voor vertrek word aangesien visums selde by toegangspunte uitgereik word.

Voorbeelde van verskillende soorte visums:

- besoekersvisum
- deurgangsvisum
- diplomatieke visum
- hoflikheidsvisum
- amptelike visum.

1.3 Gesondheidsertifikate

'n Gesondheidsertifikaat is 'n amptelike dokument wat uitgereik en onderteken word deur 'n gesondheidsoutoriteit. Dit bevestig dat 'n persoon die entstof wat op die sertifikaat aangedui is, ontvang het.

1.4 Vereistes vir toeriste wat tussen lande reis

Toeriste moet bewys van die volgende hê voordat tussen lande gereis word:

- 'n geldige paspoort
- 'n geldige visum
- voldoende fondse om hul verblyf in die land te dek
- 'n retoerkaartjie of 'n opvolgkaartjie na 'n ander land
- internasionale wette vereis dat reisigers wat die grense van lande oorsteek waar geelkoors endemies is, 'n inenting teen geelkoors moet kry.

2. ’n Internasionale rybewys (IDP)

’n IDP is ’n dokument wat deur baie lande erken word en wat die permithouer toelaat om ’n private motor in daardie land te bestuur. Die Automobiel-Assosiasie van Suid-Afrika (AA) het die volmag om ’n permit uit te reik. ’n IDP kan direk bekom word van ’n AA Autoshop of AA Travel Experience Store in Suid-Afrika.

3. Paspoorte

3.1 Vereistes om ’n paspoort te bekom

Om vir ’n paspoort in Suid-Afrika aansoek te doen word die volgende vereis:

- ’n identiteitsnommer
- twee paspoortfoto’s
- vingerafdrukke moet geneem word indien die persoon 16 jaar of ouer is
- ’n fooi wat afhanklik is van die soort paspoort waarvoor aansoek gedoen word.

4. Visums

4.1 Vereistes om ’n visum te bekom

Die basiese vereistes om vir ’n visum te kwalifiseer, sluit in:

- ’n geldige, aanvaarbare paspoort
- voldoende fondse vir die duur van die verblyf
- ’n retoerkaartjie of ’n opvolgkaartjie na ’n ander land
- identiteitsfoto’s volgens die vereistes van die lande waarvoor aansoek gedoen word
- oop bladsye in die paspoort volgens die vereistes van die land
- ’n geelkoorssertifikaat indien die aansoeker gaan reis deur ’n gebied met ’n hoë risiko vir geelkoors
- ’n verklaring en/of dokumentasie wat die doel en duur van die besoek bevestig
- betaling van die voorgeskrewe fooi in die geldeenheid van die land waarin die aansoek gedoen word
- in die geval van kinders moet ’n bewys van voogskap of toesig, of toestemming van die voog verskaf word
- ’n voltooide visum-aansoekvorm.

5. Konsepte [This is number 6 in the LB]

Alle reisigers wat by Suid-Afrikaanse toegangspunte arriveer, hetsy per land, see of lug, moet deur immigrasiebeheer gaan voordat hulle hul bagasie afhaal. Die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake verskaf hierdie diens. Reisigers gaan dan deur doeanebeheer waar hul bagasie moontlik met X-strale of deur doeanebeamptes deursoek word. Nadat reisigers deur immigrasiebeheer gegaan het, gaan haal hulle hul bagasie. Hulle het dan ’n keuse tussen twee kanale. Deur die groen kanaal te kies, dui reisigers aan dat hulle geen goedere het om te verklaar nie, met ander woorde, hulle het geen verbode of beperkte goedere by hulle nie, en geen items wat die voorskrifte vir toelaatbare belastingvrye toelaes oorskry nie.

5.1 Belastingvrye goedere [6.1 in LB]

Belastingvrye goedere is dié goedere wat reisigers in Suid-Afrika mag inbring sonder om doeaneregte of belasting op toegevoegde waarde (BTW) te betaal.

5.2 Verbode goedere [6.2 in LB]

Verbode goedere verwys na daardie goedere wat reisigers volgens wet nie toegelaat word om na Suid-Afrika te bring nie, soos onwettige dwelms.

5.3 Reistoelaes [6.6. in LB – sections 6.3, 6.4 and 6.5 not included here]

Dit verwys na hoeveel geld ’n reisiger uit Suid-Afrika mag neem. Hierdie transaksies is onderhewig aan valutabeheerregulasies soos voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

[Nothing about section 7 here]

Eenheid 6 Wêreldtydsones [Just tydsones in TG but Wereldtydsones in LB]

---

1. Begrippe

1.1 Tydsone

Die woord tydsone verwys na enige van die 24 lengteverdelings van die aarde se oppervlak waarin ’n standaardtyd gehou word, met die primêre verdeling deur die Greenwich-meridiaan. Elke sone is 15° breed, met plaaslike variasies, en dui ’n horlosietyd aan van een uur vroeër as die sone net oos daarvan.

Die meeste lande het slegs een tydsone, byvoorbeeld Suid-Afrika. Meer as een tydsone kan van toepassing wees as lande oor ’n paar lengtegrade strek.

1.2 Gekoördineerde universele tyd (UTC)

UTC is die primêre tydstandaard waarby die wêreld horlosies en tyd reguleer. Dit is een van verskeie naby verwante opvolgers van die Middelbare Greenwich Tyd (GMT).

1.3 Greenwich

Die 0º-lengtelyn loop deur Greenwich in Londen, Engeland. Hierdie lyn verdeel die Aarde in die Westelike Halfrond en Oostelike Halfrond en staan ook bekend as die hoofmeridiaan.

1.4 Halfronde

Die Aarde word deur die ewenaar verdeel in die Noordelike en die Suidelike Halfrond, en deur die Greenwich Meridiaan in die Oostelike en die Westelike Halfrond.

1.5 Ewenaar

Die ewenaar is die 0°-breedtelyn. Dit is ewe ver vanaf die Noord- en Suidpool geleë en verdeel die Aarde in die Noordelike en die Suidelike Halfrond.

1.6 Seisoene

Seisoene is die vier dele van ’n jaar: lente, somer, herfs en winter. Die vier seisoene is die gevolg van die aarde se veranderende posisie ten opsigte van die son.

1.7 Standaardtyd

Die plaaslike tyd by die standaardmeridiaan van ’n land word standaardtyd genoem. Standaardtyd is dieselfde vir alle plekke in daardie spesifieke land en word vanaf Greenwich bereken.

1.8 Plaaslike tyd

Plaaslike tyd is die spesifieke tyd by enige gegewe plek. Dit is die tyd waaroor almal in ’n gebied saamstem dat dit die plaaslike tyd is.

1.9 Die Internasionale Datumlyn (IDL)

Die IDL is ’n denkbeeldige lyn op die aarde se oppervlak by die 180° lengtegraad.

1.10 Die 24-uurhorlosie

Die 24-uurhorlosie is ’n manier van tydhou waar die dag van middernag tot middernag strek en in 24 uur verdeel is, en waarin tyd aangedui word deur die ure wat sedert middernag verloop het, van 0 tot 23. Dit is die tydnotasie wat vandag die meeste in die wêreld gebruik word.

1.11 Breedtegraad en lengtegraad

’n Geografiese koördinaatstelsel is ’n koördinaatstelsel wat toelaat dat elke plek op Aarde deur ’n stel getalle gespesifiseer kan word. Hulle lê oos en wes van die Greenwich Meridiaan en verdeel die wêreld in 24 tydsones.

2. Inleiding tot ’n wêreldtydsone-kaart
Die kaart toon die verskillende tydsones regoor die wêreld.


11 A.M.
12 NOON
1 P.M.
2 P.M.
3 P.M.
4 P.M.
5 P.M.
6 P.M.
7 P.M.
8 P.M.
9 P.M.
10 P.M.
11 P.M.
12 MIDNIGHT
1 A.M.
2 A.M.
3 A.M.
4 A.M.
5 A.M.
6 A.M.
7 A.M.
8 A.M.
9 A.M.
10 A.M.
Prime Meridian
International Date Line
Resolute
Edmonton
Chicago
New York
3:30
Newfoundland
time
London
(Greenwich)
Rome
Jerusalem
Cairo
Lagos
Rio de Janeiro
Moscow
Almaty
(Alma Ata)
Beijing
Vladivostok
Tokyo
11:30
10:30
12:30
Mumbai
12:30
1:30
2:30
Singapore
Perth
4:30
Sydney
Wellington
ALASKA
Fairbanks
Seward
HAWAII
Honolulu
+8
+7
+6
+5
+4
+3
+2
+1
0
-1
-2
-3
-4
-5
-6
-7
-8
-9
-10
-11
-12+12
+11
+10
+9

3. Dagligbesparingstyd (DBT)

DBT is ’n manier om daglig beter te benut deur die horlosie vooruit te stel gedurende die somermaande (en so een uur te verloor) wanneer DBT begin, en deur dit weer een uur terug te stel in die wintermaande (en so een uur te wen) wanneer DBT eindig.

Redes vir die implementering van dagligbesparingstyd:

- Party lande voel hulle kan die bykomende daglig in die aande beter benut.
- Party lande meen dat minder padongelukke en beserings voorkom as gevolg van beter sigbaarheid.
- Die bykomende uur daglig in die aand kan kinders meer tyd gee vir sosiale aktiwiteite.
- Die bykomende uur daglig in die aand kan die toerismebedryf stimuleer omdat dit geleentheid bied om deelname aan buitelugaktiwiteite te vermeerder.
- Dit kan help om energie te bespaar en kunsmatige beligting gedurende die aand-ure verminder.

4. Die uitwerking van tydsones en DBT op reisbeplanning en reise

Tydsoneverskille moet in ag geneem word tydens lang vlugte ooswaarts of weswaarts omdat ’n uur verloor word vir elke tydsone wat oorgesteek word wanneer ooswaarts gevlieg word.

Reisigers moet bekend wees met die tydsveranderinge, veral wanneer hulle oos of wes oor tydsones vlieg. Hulle moet weet wanneer ’n land DBT het en of hulle ’n Internasionale Datumlyn gaan oorsteek. Dit kan ’n uitwerking hê as vlugtye verander word, treine gehaal word, ens.

Eenheid 7 Die berekening van wêreldtye wanneer tussen lande gereis word

---

1. Die berekening van aankoms-, vertrek- en vliegtyd

1.1 Bepaling van die tyd en dag in ’n ander tydsone

Stap 1: Soek ’n plek waarvan jy reeds die tyd en dag weet op ’n tydsonekaart.
Stap 2: Soek die plek waarvan jy die tyd en dag van die week wil weet op ’n tydsonekaart.
Stap 3: Tel die tydsones tussen die twee plekke.
Stap 4: Bereken die tyd deur vir elke tydsone een uur by te tel of af te trek, afhangend van of jy oos of wes beweeg.
Stap 5: As jy die Internasionale Datumlyn oorgesteek het, identifiseer die dag.

1.2 Die berekening van aankoms-, vertrek- en vliegtye

Die berekening van tydsverskille is ook belangrike wanneer aankoms-, vertrek- en vliegtye uitgewerk word.

1.3 Berekening van tyd met gebruik van DBT [See Lb – headings differ]

Wanneer DBT op lande van toepassing is, moet jy een uur by die tydsone tel vir lande oos daarvan en een uur aftrek vir lande wes daarvan.

2. Vlugvoosheid en vluguitputting

2.1 Definisie van vlugvoosheid en vluguitputting [Added here – in LB]

Vlugvoosheid is ’n algemene gevoel van moegheid en disoriëntasie wat reisigers met straalvliegtuie dikwels ervaar wanneer hulle verskeie tydsone in ’n relatiewe kort tyd oorsteek.

2.2 Simptome van vlugvoosheid

Die hoofoorsaak van vlugvoosheid is die onvermoë van die liggaam om dadelik by die tyd in ’n ander sone aan te pas.

Ander faktore wat tot vlugvoosheid bydra is:

- die voedsel en drinkgoed wat tydens die vlug ingeneem word
- lugdruk in die kajuit wat veroorsaak dat passasiers se bene swel en hulle moeg is
- bedompige lug, wat lei tot moegheid, geïrriteerdheid en hoofpyn
- gebrek aan oefening tydens die vlug
- gebrek aan slaap tydens die vlug.

2.3 Hoe om die uitwerking van vlugvoosheid te minimaliseer en te verminder

Voor die vlug moet reisigers seker maak dat:

- hulle in ’n goeie fisieke toestand is en reg eet voor hul reis
- hulle goed ingelig is oor enige medies toestand waaraan hulle ly
- hulle voor die vertrek hul liggaam begin aanpas by die nuwe tydsone indien hulle meer as ’n paar dae in die tydsone van die bestemming gaan bly.
- hulle probeer om vroeër te gaan slaap en op te staan indien hulle oos gaan reis
- hulle die nag voor die vertrek goed slaap.

Tydens die vlug moet reisigers seker maak dat:

- hulle nie alkoholiese drankies die dag voor die vlug, tydens die vlug, of die dag na die vlug drink nie
- hulle nie kafeïendrankies voor, tydens of net na die vlug drink nie
- hulle baie water drink om die uitwerking van droë lug in die vliegtuig teë te werk.
- hulle nie te veel eet op die vliegtuig nie
- hulle van tyd tot tyd beenoefeninge doen terwyl hulle in die vliegtuig sit
- hulle elke uur of twee opstaan en rondloop
- hulle nie slaappille drink nie
- hulle nie vir meer as ’n uur op ’n keer slaap nie
- hulle ver reise oor baie tydsones opbreek met verblyf in ’n stad omtrent halfpad na hul bestemming, indien moontlik
- hulle gemaklike klere en skoene dra
- hulle slaaphulpmiddels gebruik.

Na die vlug moet reisigers seker maak dat:

- hulle probeer om, indien hulle wes reis, so gou moontlik minstens een uur sonlig te kry nadat hulle hul bestemming bereik het
- hulle by hul aankoms kyk of die beddens en badkamergeriewe by hul verblyfplek bevredigend is
- hulle so gou moontlik by die plaaslike skedule inskakel sodat hul liggaam gouer kan aanpas
- hulle probeer om hul slaappatroon aan te pas volgens die tyd by hul bestemming sonder om slaappille te gebruik.

Vrae

1. Lys vyf verskillende soorte toere. (10)

2. Wat beteken die term *toeriste-profiel*? (4)

3. Noem vyf vereistes vir toeriste wat tussen lande reis. (10)

4. Wat is die vereistes om ’n paspoort in Suid-Afrika te kry? (8)

5. Wat beteken die term *dagligbesparingstyd*? (4)

6. Wat beteken die term *tydsone*? (4)

7. Wat beteken die term *vlugvoosheid*? (4)

8. Noem vier dinge wat reisigers tydens ’n vlug kan doen om vlugvoosheid tot die minimum te beperk. (8)

9. Wat beteken die term *hemisfeer*? (4)

10. Lys die vyf stappe wat gedoen kan word om die tyd en dag in ’n verskillende tydsone te bepaal? (10)

Kwartaal 2

Onderwerp 1 Toeriste-besienswaardighede [This heading is used in LB, TG different]

Oorsig

Hierdie onderwerp ondersoek die verskillende wêreldberoemde ikone van verskillende lande, waar hulle is en hoekom hulle toeriste-besienswaardighede is.

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- die verskil tussen ’n toeriste-besienswaardigheid en ’n ikoon
- die redes waarom sekere toeriste-besienswaardighede as ikone beskou word
- profiele en statistieke van toeriste wat hierdie ikone besoek
- die ekonomiese belang van ikone vir ’n land of streek
- wêreldbekende ikone en besienswaardighede in verskillende lande van die wêreld
- die ligging van die wêreldbekende ikone en besienswaardighede op ’n kaart
- die redes waarom hierdie besienswaardighede as wêreldberoemde ikone beskou word
- interessante feite oor hierdie ikone.

Eenheid 1-4 Beroemde wêreld-ikone en besienswaardighede

- Die verskil tussen ’n toeriste-besienswaardigheid en ’n ikoon
- Redes waarom sommige besienswaardighede ikone word
- Profi ele van toeriste wat ikone besoek
- Statistieke van toeriste wat ikone besoek
- Beroemde wêreld-ikone

→

Suksesvolle toeriste-besienswaardighede

- Faktore wat ’n toeriste-besienswaardigheid suksesvol maak
- Kenmerke van ’n suksesvolle toeriste-besienswaardigheid

Eenheid 1-4 Beroemde wêreld-ikone en besienswaardighede

In jou Leerderderboek word Eenheid 1–4 van Onderwerp 1 van Kwartaal 2 gewy aan die verskillende ikone wat toeriste-besienswaardighede in verskillende lande is. Jy moet seker maak dat jy weet watter ikoon behoort aan watter land.

1. Die verskil tussen ’n toeriste-besienswaardigheid en ’n ikoon

Toeriste-besienswaardighede is plekke wat toeriste graag besoek, soos nasionale parke en erfenisterreine. ’n Ikoon is ’n toeriste-besienswaardigheid wat wêreldberoemd is en

verteenwoordigend of simbolies is van die land of stad waarin dit geleë is. Ikone kan mensgemaak of natuurlik wees. ’n Wêrelderfenisterrein is iets soos ’n woud, berg, meer, woestyn, monument, gebou, kompleks of stad wat deur UNESCO geag word as van spesiale kulturele of fisiese belang.

2. Redes waarom sommige besienswaardighede ikone word

Ikone is uniek en toeriste vind hulle fassinerend omdat hulle die enigste van hul soort in die wêreld is. Baie ikone word ook deur UNESCO as Wêrelderfenisterreine verklaar as gevolg van hulle spesiale kulturele of fisiese belang. Soms kan ’n ikoon ’n gevoel van identiteit verskaf, byvoorbeeld die Vatikaanstad vir mense van die Katolieke geloof. ’n Ikoon kan ook met beroemde mense verbind word, soos Robbeneiland en Nelson Mandela.

2.1 Die ekonomiese betekenis van ikone vir ’n land of streek [of streek was added in LB]

Toerisme-ikone word deur die toerismebedryf as trekfaktore gebruik en word dikwels in toerpakkette ingesluit. Hulle kan dus ’n beduidende ekonomiese bydrae maak tot ’n land of streek waar hulle geleë is. Sakeondernemings wat by die toerismebedryf betrokke is, is interverwant en afhanklik van mekaar. Daarom raak die ekonomiese voordele van toerisme byna almal in die streek op een of ander manier. Dit word die **vermenigvuldigereffek** genoem, wat ’n effek in die ekonomie is waar ’n toename in besteding tot ’n toename in nasionale/streeksinkomste en verbruik groter as die aanvanklike toename lei.

3. Profiele van toeriste wat ikone besoek

Verskillende soorte toeriste besoek verskillende soorte ikone, en dit hang in ’n groot mate af van hul belangstellings, ouderdom, beroep en inkomste. ’n Jong avontuurtoeris klim dalk Berg Everest terwyl ’n ouer, meer welgestelde toeris op die strande van die Franse Rivera kan ontspan.

4. Statistieke van toeriste wat ikone besoek

Die aantal toeriste wat ikone besoek, word gebruik om die volgende te beplan:

- bemarkingstrategieë
- die tyd en vlak van onderhoud en instandhouding van die ikoon
- beperkings om ikone te beskerm teen moontlike skade wat deur massatoerisme veroorsaak word.

Voorbeelde van beroemde wêreldikone sluit in:

Australië: Sydney Operahuis, Ayers Rock/Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park
Brasilië: Die Standbeeld van Christus die Verlosser
Kanada: Niagara-waterval
Italië: Die Colosseum, Die Leunende Toring van Pisa, Venesië, die Vatikaanstad
Egipte: Die Groot Piramides van Giza, die Sfinks
Duitsland: Berlynse Muur en die Bandenburg Poort, die Swartwoud
China: Die Groot Muur van China
Israel: Die Koepel van die Rots, die Klaagmuur
Griekeland: Die Parthenon
Indië: Die Taj Mahal
Turkye: Die Blou Moskee
Frankryk: Die Eiffel-toring, die Franse Riviera

Japan: Berg Fuji
Mexiko: Chichén Itzá (Yucatan)
Jordanië: Petra
Nepal: Berg Everest
Saoedi-Arabië: Mekka
Switserland: Die Switserse Alpe
Nederlands: Meulnetwerk by Kinderdijk, Elshout
Peru: Machu Picchu (Cuzcu)
Pole: Auschwitz Konsentrasiekamp
Portugal: Die Algarve
Spanje: Alcazar van Segovia, bulgevegte
Thailand: Drywende markte
Rusland: Die Kremlin, die Rooi Plein
Verenigde Koninkryk: Big Ben, Buckingham Paleis, Toring van Londen, Londen-brug
Verenigde State van Amerika: Die Vryheidstandbeeld, die Grand Canyon.

Eenheid 5 Faktore wat tot die sukses van ’n toeriste-besienswaardigheid bydra

---

Besienswaardighede is ’n sleutelkomponent van die toerismebedryf. Hulle lok plaaslike en internasionale toeriste na stede en streke en motiveer toeriste om ’n bestemming te besoek.

Suksesvolle toeriste-besienswaardighede is dié wat:

- aanhou om toeriste te lok
- genoeg inligting oor die besienswaardigheid verskaf, waar toepaslik
- in die behoeftes van toeriste voorsien
- aan die belangstellings van toeriste voldoen
- maklik toeganklik is
- goed onderhou word
- ’n veilige ondervinding vir toeriste voorsien.

1. Faktore wat ’n toeriste-besienswaardigheid suksesvol maak

Die vyf belangrike areas in die bestuur van ’n besienswaardigheid wat ’n uitwerking op die sukses daarvan het:

- bemarking
- inkomste en finansiële bestuur
- menslike hulpbronne
- besoekersbestuur
- bedryfsbestuur.

1.1 Bemarking van toerismeprodukte plaaslik en/of internasionaal

Suksesvolle bemarkingstrategieë is baie belangrik vir die sukses van toeriste-besienswaardighede. Dit is belangrik dat die bemarkingstegniek wat gebruik word, besoekersgetalle buite sowel as binne seisoen sal stimuleer en verbeter. Verder moet die strategie ’n bewustheid van die handelsmerk kweek en help om die inkomste volgens die begroting te verdien. Die strategie moet die toeriste-besienswaardigheid laat uitstaan tussen al die ander beskikbare opsies.

1.2 Volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne

Volhoubare en verantwoordelike bestuur behels goeie beheer oor beide die finansiële en omgewingsaspekte van die toeriste-besienswaardigheid.

1.2.1 Omgewingsbestuur

Die omgewing waaraan die besienswaardigheid sy bestaan te danke het, moet versorg en ontwikkel word.

1.2.2 Finansiële bestuur

Kwessies rakende finansiële bestuur wat goed bestuur moet word om die sukses van ’n besienswaardigheid te verbeter is:

- die begroting
- eksterne sake soos inflasie en belastingwette
- die beheer van koste en inkomste.

1.3 Doeltreffendheid en etiese optrede van personeel en bestuur

Arbeidskoste sal ’n aansienlike deel uitmaak van die koste waarvoor begroot is. Dit is dus belangrik dat personeel goed bestuur word, dat hulle doeltreffend werk en dat hulle eties optree. Om dit te bereik, is goeie personeelbeplanning en -opleiding noodsaaklik. Goeie induksieprogramme en deurlopende opleiding is belangrik sodat personeel die nodige vaardighede verkry.

1.4 Positiewe ervarings van besoekers

Om positiewe ervarings vir besoekers te verseker, is dit belangrik dat:

- besoekersgetalle beheer moet word
- openingstye gerieflik is
- die prys reg is
- paadjies duidelik is en inligtingsborde beskikbaar is
- interessante brosjures en inligtingsblaadjies beskikbaar is.

1.5 Veiligheid en misdaadvoorkoming

Die veiligheid en sekuriteit van toeriste is die hoogste prioriteit vir enige toeriste-besienswaardigheid. ’n Goed gekoördineerde strategie moet ontwikkel word om toeriste te beskerm en veilig te laat voel.

1.6 Algemene voorkoms en instandhouding van die besienswaardigheid

’n Suksesvolle besienswaardigheid behoort ’n aangename en skoon voorkoms te hê. Dit beteken dat gereelde onderhoud van die geriewe gedoen moet word.

1.7 Oorweging van die behoeftes van mense met gestremdhede

Toeriste-besienswaardighede moet vir almal, insluitend mense met gestremdhede, toeganklik wees.

1.8 Universele toegang

Toeriste het uiteenlopende behoeftes. Om suksesvol te wees, moet ’n besienswaardigheid universele toegang hê. Met ander woorde, dit moet toeganklik wees vir ’n wye verskeidenheid toeriste.

Belangrike aspekte wat ’n besienswaardigheid toeganklik maak, sluit in:

- vervoer na die besienswaardigheid
- vervoer by die besienswaardigheid
- parkering
- verblyfgeriewe
- toiletgeriewe
- inligting
- ondersteuningsgeriewe en dienste.

2. Kenmerke van ’n suksesvolle toeriste-besienswaardigheid

Dit sluit in:

- werklike aantal besoekers oorskry die teikengetal besoekers
- herhaalde besoeke
- inkomste oorskry teikenbedrae
- positiewe uitwerking op die plaaslike gemeenskap en omgewing.

Vrae

1. Wat is die verskil tussen toeriste-besienswaardighede en ikone? (4)
2. Waarom raak sommige besienswaardighede ikone? (2)
3. Gee ’n voorbeeld van ’n ikoon wat met ’n beroemde persoon verbind word. (2)
4. Gee tien voorbeelde van beroemde wêreld-ikone. (20)
5. Lys vier kenmerke van ’n suksesvolle toeriste-besienswaardigheid. (8)
6. Wat beteken die woord vermenigvuldigereffek? (4)
7. Noem twee dinge wat gedoen kan word om te verseker dat personeel die nodige vaardighede verkry om hul werk behoorlik te doen. (4)
8. Noem sewe dinge wat ’n besienswaardigheid toeganklik maak. (14)
9. Is die algemene voorkoms en onderhoud van ’n besienswaardigheid belangrik? (2)
10. Wat is die vyf belangrikste areas in die bestuur van besienswaardighede wat ’n invloed op die sukses daarvan het? (10)

Onderwerp 2 Buitelandse valuta

Oorsig

Wanneer toeriste na ’n ander land reis, moet hulle hul geldeenheid ruil vir die geldeenheid van die land wat hulle besoek ten einde goed soos kos en geskenke te koop en vir verblyf te betaal. Die koers waarteen een geldeenheid vir ’n ander verruil word, beïnvloed nie net die besluite wat toeriste neem om ’n bepaalde land te besoek nie, maar ook die hoeveelheid buitelandse valuta wat ’n land verdien.

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- die term BBP en die voordele daarvan vir die ekonomie
- die vermenigvuldigereffek en skakel met die BBP
- die begrippe “swak” en “sterk” rand
- die relatiewe sterkte en swakheid van ’n geldeenheid
- hoe om ’n wisselkoersbladsy te interpreteer
- hoe om die belangrikste geldeenhede om te skakel
- die verskil tussen bankverkoopkoers (BVK) en bankaankoopkoers (BAK)
- die invloed van wisselkoerse op internasionale toerisme
- skommelings in wisselkoerse.

Eenheid 1 Buitelandse valuta

Die woorde buitelandse valuta verwys na die verhandeling van een geldeenheid vir ’n ander, of die omskakeling van een geldeenheid na ’n ander. Buitelandse valuta verwys ook na die wêreldmark waar 24 uur aaneen virtueel verhandel word. Hierdie valutamark staan ook bekend as “forex” (die afkorting vir die Engelse woorde “foreign exchange”).

1. Bruto Binnelandse Produk (BBP) en die voordele daarvan vir die ekonomie

Die BBP is ’n maatstaf van ’n land se nasionale inkomste. BBP is ’n maatstaf van al die goedere en dienste wat binnelands gelewer word, gewoonlik binne die tydperk van een kalenderjaar. Die komponente wat ingesluit word, is verbruikersbesteding, investering deur die nywerheid, waarde van uitvoere minus waarde van invoere, en staatsbesteding.

Ons ekonomie word gediversifiseer deur belangrike ekonomiese sektore wat tot die BBP bydra, insluitend:

- mynbou
- landbou en visserye
- voertuigvervaardiging
- voedselprosessering
- klere en tekstiele
- telekommunikasie
- energie
- finansiële en besigheidsdienste
- toerisme
- vervoer
- groothandel en kleinhandel.

As daar in ’n jaar meer goedere en dienste gelewer is as in die vorige jaar, sê ons daar was ’n groei in die BBP. As die BBP styg, is die ekonomie baie gesond en maak die land vordering en verbeter die lewenstandaard.

2. Die vermenigvuldigereffek en skakel met die BBP

Die vermenigvuldigereffek verwys na die toename in finale inkomste wat spruit uit enige nuwe inspuiting as gevolg van besteding. Elke keer wanneer daar ’n inspuiting van nuwe aanvraag in die sirkulêre vloei is, is daar waarskynlik ’n vermenigvuldigereffek. Dit is omdat ’n inspuiting van ekstra inkomste tot meer besteding lei, wat meer inkomste skep, en so meer.

2.1 Die toerisme-vermenigvuldigereffek

Toerisme skep nie net werk in die toerismebedryf nie, maar bevorder ook groei in ander sektore van die bedryf. Dit staan bekend as die toerisme-vermenigvuldigereffek. Eenvoudig gestel, is dit die hoeveelheid kere wat geld wat deur ’n toeris spandeer is, deur ’n land se ekonomie sirkuleer.

2.2 Die vermenigvuldigereffek en die BBP

Die vermenigvuldigereffek is ’n effek waarin ’n toename in besteding ’n toename in nasionale inkomste en verbruik produseer wat groter is as die aanvanklike bedrag wat bestee is. Die toerisme-vermenigvuldigereffek beïnvloed die BBP en is baie belangrik vir Suid-Afrika omdat ons die ekonomie moet ontwikkel en meer werk skep.

3. Die begrippe “sterk” en “swak” rand [This is no 3 and 4 in LB]

’n Sterk geldeenheid, ook bekend as ’n harde geldeenheid, verwys na ’n geldeenheid wanneer dit relatief tot ander geldeenhede meer werd is. ’n Swak geldeenheid, ook bekend as ’n sagte geldeenheid, is ’n geldeenheid waarvan die waarde mettertyd beduidend gedaal het teenoor ander geldeenhede. ’n Swak geldeenheid is dikwels die gevolg van ’n politieke of fiskale onstabiliteit in die land. Die terme sterk rand en swak rand word in die valutamark gebruik om die waarde en sterke van die Suid-Afrikaanse Rand teen ander geldeenhede te beskryf. Wanneer een eenheid van ons geld vir meer eenhede van ’n ander geldeenheid verhandel, word dit ’n sterk rand genoem.

4. Die relatiewe sterkte en swakheid van ’n valuta op spesifieke tye [No 5 in LB]

Party van die gevolge van ’n swak geldeenheid:

- ’n Swak geldeenheid is goed vir lande wat meer uitvoere as invoere het omdat hul uitvoere goedkoper sal word vir buitelandse koper.
- ’n Swak geldeenheid sal vervaardiging en uitvoer na gebiede met ’n sterker geldeenheid stimuleer.
- Daar sal ’n toename in vervaardiging en werkskepping wees as die vraag na uitvoere vermeerder.
- Meer buitelandse toeriste sal besoeke aan lande met swak geldeenhede kan bekostig omdat dit hul koopkrag kan vermeerder.
- Invoere word duurder vir die lande met swak geldeenhede.
- Hoër pryse vir buitelandse produkte verhoog die lewenskoste in lande met swak geldeenhede.
- Koopkrag verminder vir mense in lande met swak geldeenhede.
- ’n Swak geldeenheid het ’n negatiewe gevolg vir mense wat beplan om te reis na gebiede met ’n sterk geldeenheid.

.

Gevolge van ’n sterk geldeenheid:

- Invoere word goedkoper vir lande met ’n sterk geldeenheid.
- Ingevoerde goedere en dienste, veral brandstof, raak meer bekostigbaar.
- Uitvoere word duurder. Lande met ’n sterk geldeenheid sal minder uitvoer omdat die aanvraag sal afneem.
- Binnelandse vervaardiging sal afneem omdat daar ’n kleiner vraag van beide die binnelandse en buitelandse markte is.
- Minder buitelandse toeriste sal besoeke aan lande met ’n sterk geldeenheid kan bekostig omdat dit hul koopkrag sal verminder.
- Koopkrag vermeerder vir mense in lande met ’n sterk geldeenheid.
- ’n Sterk valuta het ’n positiewe gevolg vir mense wat beplan om te reis na gebiede met ’n swak valuta.

5. Hoe om ’n wisselkoersstaat te interpreteer

Valutakoers, ook bekend as wisselkoers, dui aan hoeveel van een valuta jy nodig het om ’n eenheid van ’n ander valuta te koop.

Volg hierdie stappe om ’n wisselkoers te bereken:

- Identifiseer die wisselkoers van die geldeenheid wat jy wil hê en vind die ISO-kode. Byvoorbeeld, die geldeenheidkode vir die rand is ZAR, terwyl dié van die VS-dollar USD is.
- Kyk wat is die wisselkoers vir jou twee geldeenhede.
- Bereken die wisselkoers deur na ’n geldeenheidpaar (twee geldeenhede) te kyk. Die eerste geldeenheid in die paar, bekend as die basisgeldeenheid, is die transaksiegeldeenheid en die tweede geldeenheid is die betalingsgeldeenheid.

Eenheid 2 Buitelandse valuta (deel 2)

7. Die verskil tussen bankverkoopkoers en bankaankoopkoers [No 8 in LB]

In die handelswêreld van die valutamarkte word ’n verskillende bankaankoopkoers en bankverkoopkoers deur geldhandelaars gekwoteer. Wisselkoerse word as twee verskillende koerse gekwoteer:

- die bankaankoopkoers (BAK)
- die bankverkoopkoers.

Die bankaankoopkoers (BAK) is die koers waarteen die valutabank ’n geldeenheid sal koop. Die bankverkoopkoers (BVK) is die koers waarteen die valutabank ’n geldeenheid sal verkoop.

Die gekwoteerde koerse sal ’n toelae insluit vir ’n handelaar se marge (wins) in die verhandeling. Andersins kan die wins verhaal word in die vorm van ’n kommissie. Banke speel ’n belangrike rol in die ruiltransaksies van buitelandse valuta. Banke dryf handel met internasionale geldeenhede om wins te maak.

8. Die uitwerking van wisselkoerse op internasionale toerisme en die invloed daarvan op reispatrone in Suid-Afrika [No 9 in LB]

Wisselkoerse kan ’n negatiewe of ’n positiewe invloed op die toerismebedryf hê. As die waarde van die Suid-Afrikaanse rand val, is die gevolge daarvan tweevoudig:

- Dit maak internasionale reise duurder vir Suid-Afrikaners.
- Dit maak reis in Suid-Afrika goedkoper vir buitelandse toeriste.

Toeriste se reispatrone word beïnvloed deur die wisselkoers omdat dit ’n uitwerking het op toeriste se koopkrag. Toeriste wat Suid-Afrika vanuit ’n ander land besoek, sal meer of minder geld hê om te spandeer afhangend van die wisselkoers.

9. Skommelings in wisselkoerse [No 10 in LB]

Faktore wat wisselkoerse bepaal is:

- inflasie
- rentekoerse
- handelsbalans
- ruilvoet
- staatskuld
- politieke en ekonomiese onstabiliteit
- arbeidsbeskouing van ’n land.

Vrae

1. Wat beteken die term *buitelandse valuta*? (4)

2. Wat beteken die term *Bruto Binnelandse Produk*? (4)

3. Wat verstaan jy onder die terme *sterk en swak geldeenhede*?

4. Noem drie gevolge van ’n swak geldeenheid. (6)

5. Lys die verskillende faktore wat wisselkoerse bepaal. (14)

6. Lys twee gevolge wat ’n daling in die waarde van die Suid-Afrikaanse rand op toerisme het. (4)

7. Noem die twee maniere waarop wisselkoerse gekwoteer word. (4)

8. Watter stappe moet geneem word om ’n wisselkoers te bepaal. (6)

9. Lys drie gevolge van ’n sterk geldeenheid. (6)

10. Wat is die vermenigvuldigereffek en hoe skakel dit met die BBP? (4)

Kwartaal 3

Onderwerp 1 Binnelandse, streeks- en internasionale toerisme

Oorsig

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- vorme van betaling wanneer internasionaal gereis word, naamlik:
- elektroniese fondsoordragte (EFO)
- telegrafiese oorplasings (SWIFT-oordragte)
- bankwissels
- internetbetalings
- buitelandse banknote (kontant)
- kredietkaarte (Visa, MasterCard, American Express, Diners Club)
- reisigerstjeks
- debietkaarte vooraf gelaai met buitelandse valuta (soos Cash Passportkaart
- / Travel Wallet / International Travel Card)
- die voordele en nadele van elke vorm van betaling
- interpretasie van statistieke met betrekking tot inkomende internasionale
- toerisme, insluitend:
- buitelandse aankomste in Suid-Afrika en hoe die aankomsstatistieke buitelandse markaandeel kan bepaal
- provinsies in Suid-Afrika wat die meeste besoek word
- duur van verblyf in elke provinsie
- gemiddelde besteding per toeris
- aktiwiteite onderneem terwyl in Suid-Afrika.

Betaalwyses tydens internasionale reise
- Elektroniese fondsoordragte (EFO)
- Telegrafiese oorplasings (SWIFT-oordragte)
- Bankwissels
- Internetbetalings
- Buitelandse banknote
- Kredietkaarte
- Debietkaarte vooraf gelaai met buitelandse valuta
- Reisigerstjeks

Buitelandse markaandeel

- Begrippe
- Buitelandse aankomste in Suid-Afrika
- Provinsies in Suid-Afrika wat die meeste besoek word
- Duur van verblyf in elke provinsie
- Gemiddelde besteding per toeris
- Aktiwiteite onderneem terwyl in Suid-Afrika

Eenheid 1 Betaalwyses tydens internasionale reise

Toeriste kan verskillende betaalwyses gebruik om vir goedere en dienste te betaal wanneer hulle in ’n vreemde land reis. Elke betaalmetode het sy eie voordele en nadele en toeriste moet navorsing doen voor hulle besluit watter metode vir hulle die geskikste is.

1. Elektroniese fondsoordragte (EFO)

’n EFO is die elektroniese oordrag van geld van een rekening na ’n ander, óf binne ’n enkele finansiële instelling óf oor veelvuldige instellings, deur ’n rekenaargebaseerde stelsel.

Die voordele daarvan:

- Dit is veilig.
- Dit is doeltreffend en vinnig.
- Dit is goedkoper as betalings en invorderings per tjek.
- Geld kan oral in die wêreld oorgedra word.

Die nadele daarvan:

- Fondse sal slegs op ’n begunstigde se rekening wys as die transaksie voor ’n sekere tyd van die dag gedoen is, anders sal dit eers die volgende dag wys.
- Fondse kan op die verkeerde datum na of van ’n persoon se rekening oorgedra word.
- Dit kan moeilik wees om ’n EFO te kanselleer.

2. Telegrafiese oorplasings (SWIFT-oordragte)

Telegrafiese oorplasings is ’n tipe elektroniese fondsoordrag van een persoon of instansie na ’n ander. ’n Telegrafiese oorplasing kan van een bankrekening na ’n ander gedoen word, of deur die oorplasing van kontant by ’n kontantkantoor. Telegrafiese oorplasingstelsels het ten doel om transaksies meer te individualiseer as wat massa-betaalstelsels doen.

Die voordele daarvan:

- As jy sonder kontant oorsee gestrand is, kan iemand by die huis binne ’n dag elektronies vir jou geld stuur.
- Jy het nie die internet nodig nie omdat banke die inligting regstreeks vir mekaar stuur.

Die nadeel daarvan:

- Fooie kan hoog wees.

3. Bankwissels

'n Bankwissel, ook genoem 'n banktjek, is 'n tjek waar die fondse direk van die finansiële instelling geneem word eerder as van die individuele trekker se rekening.

Die voordeel daarvan:

- Dit is een van die veiligste maniere om geld oorsee te stuur.

Die nadele daarvan:

- Bankfooie en koste kan hoog wees.
- Wissels moet fisies per pos of koerier gestuur word, dus kan dit 'n paar weke neem om die ontvanger te bereik.
- Die ontvanger kan die bankwissel nie in kontant kry nie, behalwe as hy 'n bankrekening het om dit in te deponeer.

4. Internetbetalings

Internetbetalings behels enige aanlyn (op die internet) betaling vir 'n produk of diens.

Die voordele daarvan:

- Dit is nie nodig om in lang rye te staan om 'n rekening te betaal nie.
- Mense kan enige tyd op hul rekeninge aanteken om die jongste staat van hul
- transaksies te kry.
- Lae transaksiefooie.

Die nadele daarvan:

- Geen internettoegang kan laat betalings tot gevolg hê.
- Daar is geen direkte kontak met die onderneming waarby 'n produk of diens gekoop is nie.
- Rekenaarmisdaad kan daartoe lei dat geld gesteel word.
- Misdadigers teken 'n gebruiker se toetsbordaanslag en gebruik dan hierdie inligting om onwettige toegang tot rekeninge te verkry.

5. Buitelandse banknote

Buitelandse banknote is kontant (muntstukke en note) wat toeriste gebruik in die land wat hulle besoek.

Die voordeel daarvan:

- Dit is nuttig om kontant byderhand te hê vir onmiddellike uitgawes.

Die nadeel daarvan:

- Dit is die mees riskante vorm van betaling, want as kontant gesteel of verlore raak, kan dit nie teruggekry word nie.

6. Kredietkaarte

'n Kredietkaart is 'n kaart wat deur 'n finansiële instelling uitgereik word en die houer die opsie gee om geld te leen, veral by 'n verkooppunt. Kredietkaarte vra rente en word hoofsaaklik vir korttermynfinansiering gebruik. Rente begin gewoonlik oploop een maand nadat 'n aankoop gemaak is en leenlimiete word vooraf gestel volgens die individu se kredietgradering.

Die voordele daarvan:

- Kaarte kan gebruik word om duur items te koop. Die skuld kan oor 'n tydperk afbetaal word.
- Dit keer dat groot bedrae kontant saamgedra moet word.
- Die meeste sakeondernemings aanvaar kredietkaarte as 'n vorme van betaling.

Die nadele daarvan:

- Party sakeondernemings aanvaar nie kredietkaarte nie.
- Dit is maklik om te veel te spandeer sodat die skuld ophoop.
- Transaksiekoste word gehef elke keer as jy jou kaart gebruik.
- Onwettige kopiëring van inligting op die magnetiese strook van die kaart kan aan misdadigers toegang gee tot 'n rekening (Eng. "card skimming").
- Rentekoerse is hoog.

7. Debietkaarte vooraf gelaai met buitelandse valuta

Hierdie kaarte word deur alle groot banke uitgereik en word met buitelandse valuta gelaai voordat toeriste op reis gaan. Hulle word ook "kontantpaspoorte" genoem.

Die voordele daarvan:

- Daar is geen kans om in die skuld te beland nie.
- Die geld wat op die kaarte gelaai is, is veilig.
- Aktivering van die kaart word deur 'n PIN beskerm.

Die nadele daarvan:

- Bankkoste kan hoog wees.
- Party kaarte hef 'n fooi wanneer jy dit gebruik om iets te koop of om geld te trek.
- As internettoegang nie beskikbaar is nie, kan dit moeilik wees om buitelandse valuta daarop te laai.

8. Reisigerstjeks

'n Reisigerstjek is 'n tjek wat deur 'n finansiële instelling uitgereik word en wat as 'n vorm van betaling gebruik kan word en, indien nodig, vir kontant gewissel kan word.

Die voordele daarvan:

- Dit word uitbetaal as dit wegraak of gesteel word.
- Dit is in alle groot geldeenhede beskikbaar en kan by die meeste hotelle, restaurante en winkels regoor die wêreld geruil word.
- Dit is nuttig om as valuta te gebruik as ’n toeris nie ’n werkende ATM kan vind nie.

Die nadele daarvan:

- Die wisselkoers vir reisigerstjek is nie so gunstig as die interbank-koers wat toeriste kry wanneer hulle met ’n krediet- of debietkaart betaal nie.
- Deesdae aanvaar min winkels en sakeondernemings reisigerstjeks vir die aankoop van goedere.
- Daar is bankkoste en fooie betaalbaar wanneer kontant in reisigerstjeks omgesit word.

Eenheid 2 Buitelandse markaandeel

1. Begrippe

1.1 Inkomende toeriste

Inkomende toeriste is toeriste wat die land binnekom, dit is mense wat na Suid-Afrika reis.

1.2 Buitelandse markaandeel

Buitelandse markaandeel is dié deel van die inkomende toerismemark wat ’n spesifieke land beheer en sluit beide die aantal toeriste en die bedrag wat hulle spandeer in.

Die twee belangrikste kategorieë van buitelandse markte is:

- **Landreismarkte:** lande waar minstens 60% van die aankomste vanaf dié land deur middel van reise oor land plaasvind. Landreismarkte vir Suid-Afrika is Botswana, Lesotho, Mosambiek, Malawi, Namibië, Swaziland, Zambië en Zimbabwe.
- **Lugreismarkte:** lande waar minstens 60% van die aankomste vanaf dié land deur middel van lugreise plaasvind.

1.3 Aankomsstatistieke

Aankomsstatistieke dui die aantal internasionale (buitelandse) toeriste aan wat in Suid-Afrika arriveer. Hierdie syfers word versamel, geklassifiseer, ontleed en geïnterpreteer.

2. Buitelandse aankomste in Suid-Afrika

Buitelandse toeriste-aankomste wissel van jaar tot jaar. Ons gebruik die term *bronmarkte* om die belangrikste gebiede te beskryf waarvan hierdie toeriste kom. Een van Suid-Afrika se bronmarkte is Europa. Voorbeelde van ontluikende buitelandse markte is Indië en China.

Vrae

1. Waarvoor staan die afkorting EFO? (2)

2. Lys vier voordele daarvan om EFO's te gebruik. (8)

3. Wat is 'n telegrafiese oordrag, oftewel SWIFT-oordrag? (4)

4. Noem een voordeel daarvan om 'n telegrafiese oordrag te gebruik. (2)

5. Lys vier voordele daarvan om die internet te gebruik om betalings te maak. (8)

6. Lys vier nadele daarvan om die internet te gebruik om betalings te maak. (8)

7. Verduidelik wat 'n kredietkaart is. (4)

8. Lys drie voordele daarvan om 'n kredietkaart te gebruik om betalings te maak. (6)

9. Verduidelik die term *buitelandse markaandeel*. (4)

10. Wat is die twee hoofkategorieë van buitelandse markte? (4)

Onderwerp 2 Bemarking

Oorsig

Internasionale toeriste wat Suid-Afrika besoek maak ’n uiters belangrike deel van ons ekonomie uit.

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- die belangrikheid daarvan om Suid-Afrika internasionaal te bemark
- die kernbesigheid van Suid-Afrikaanse toerisme
- geleenthede om Suid-Afrika internasionaal te bemark
- hoe SA Toerisme se bemarkingsaktiwiteite befonds word
- die konsep “handelsmerk” en Suid-Afrika se handelsmerk-logo
- plaaslike reisuitstallings soos die Toerisme Indaba en die Getaway-skou as geleenthede om Suid-Afrika en die Suider-Afrikaanse streek aan die wêreld te bemark.

Bemarking van Suid-Afrika

- Die belangrikheid daarvan om Suid-Afrika internasionaal te bemark
- Die kernbesigheid van Suid-Afrikaanse toerisme
- Geleenthede om Suid-Afrika internasionaal te bemark
- Befondsing van Suid-Afrikaanse
- Toerisme se internasionale bemarkingsinisiatiewe: die rol van Toerisme Bemarkingsheffi ng Suid-Afrika (TOMSA)
- Suid Afrika se handelsmerk-logo
- Geleenthede om Suid-Afrika en die Suider-Afrikaanse streek aan die wêreld te bemark

Eenheid 1 Bemarking van Suid-Afrika as ’n toerisme-bestemming

1. Die belangrikheid daarvan om Suid-Afrika internasionaal te bemark

Toerisme is ’n baie belangrike deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Om te verseker dat toerisme aanhou groei, moet Suid-Afrika aktief aan internasionale toeriste bemark word as ’n toerisme-bestemming. Daar is twee hoofdoelwitte met die bemarking van Suid-Afrika as ’n bestemming:

- toename in die jaarlikse volume van buitelandse aankomste na Suid-Afrika
- toename in internasionale bewustheid van Suid-Afrika as ’n reisbestemming.

2. Die kernbesigheid van Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT)

SAT het die spesifieke taak om Suid-Afrika plaaslik en internasionaal as ’n bestemming te bemark en te promoveer. Dit kan beskryf word as ’n Nasionale Bestemmingsbemarkingsorganisasie (DMO).

2.1 Bemarking van Suid-Afrika internasionaal as ’n voorkeurtoerismebestemming

SAT onderneem ’n aantal bemarkingsaktiwiteite: Dit sluit in:

- deelname aan groot reisuitstallings (plaaslik en internasionaal)
- advertensie, openbare betrekkinge en regstreekse posveldtogte
- aanbieding van opvoedkundige werksessies met internasionale vennote van Suid-Afrika se reisbedryf.

SAT verdeel die internasionale mark in segmente om die belangrikste markte te identifiseer waarop gefokus moet word. SAT kategoriseer marksegmente as kernmarkte, beleggingsmarkte, taktiese markte, observasiemarkte, markte van strategiese belang, en strategiese lugverbindingsmarkte of kernpuntmarkte. Kernmarkte is die belangrikste en kry die meeste aandag.

2.2 Handhaaf en verbeter die standaard van geriewe en dienste in die bedryf

Die produk-aspek van bemarking is een van die vyf P’s van die bemarkingsmengsel. Aangesien geriewe en dienste die basis van die toerismeproduk vorm, moet die gehalte van hierdie geriewe en dienste gehandhaaf of, indien nodig, verbeter word. Een van die maniere waarop SAT dit kan doen, is deur middel van die Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika (TGCSA) wat werksaam is as ’n sake-eenheid van SAT. Die TGCSA evalueer verblyfinstellings, soos gastehuise en hotelle, en ken aan hulle stergraderings toe.

Ander inisiatiewe wat sorg dat die standaard van geriewe en dienste verbeter word, is byvoorbeeld die:

- Welcome-toekennings
- opkomende toerisme-entrepeneur van die jaar- (ETEYA-) toekenning.

2.3 Koördineer die bemarkingsaktiwiteite van rolspelers in die bedryf

SAT spandeer ’n groot hoeveelheid tyd en geld daaraan om Suid-Afrika as ’n bestemming te bemark. Ander toerisme-organisasies behoort die bemarking wat deur SAT gedoen word, as ’n platform vir hul eie bemarkingsinisiatiewe te gebruik. Bemarkingspogings moet gekoördineer word sodat hulle ooreenstem met die strategie en posisionering van Suid-Afrikaanse Toerisme. Daarom werk SAT nou saam met ander Bestemmingsbemarkingsorganisasies (DMO’s) op beide provinsiale en plaaslike vlak. SAT koördineer die bemarkingspogings van die verskillende provinsies en stede met die nasionale bemarkingspogings.

3. Geleenthede om Suid-Afrika internasionaal te bemark

Toerisme-tussengangers is baie belangrik om geleenthede vir ’n toerismebestemming te genereer. Internasionale reishandelskoue en ekspo’s word oral in die wêreld aangebied. Die twee bekendstes is die International Tourism Exchange (ITB) in Berlyn en die World Travel Market (WTM) in Londen.

3.1 ITB (Berlyn)

Die ITB vind elke jaar in Maart plaas. Die ITB lok meer as 170 000 besoekers, insluitend 108 000 handelsbesoekers en meer as 10 000 uitstallers uit 180 lande.

3.2 World Travel Market (Londen)

Die idee is om vir ’n wye verskeidenheid mense in die wêreldwye reisbedryf geleentheid te skep om mekaar te ontmoet, netwerke te bou, te onderhandel en sake te doen, en dit alles onder een dak. Dit is ’n jaarlikse gebeurtenis wat gewoonlik in November plaasvind.

4. Befondsing van SAT se internasionale bemarkingsinisiatiewe: die rol van Toerisme Bemarkingsheffing Suid-Afrika (TOMSA)

SAT het baie geld nodig omdat internasionale bemarking duur is. Toerisme Bemarkingsheffing Suid-Afrika (TOMSA) het in 1998 tot stand gekom om bykomende fondse vir die bemarking van Suid-Afrika as bestemming in te samel. Dit is ’n privaatsektor-inisiatief. SAT gebruik hierdie fondse om die land as ’n voorkeurbestemming vir toeriste, plaaslik en internasionaal, te bevorder.

Die TOMSA-heffing beloop 1% van elke bevestigde bespreking. Die insameling van die TOMSA-heffing deur toerisme-ondernemings is vrywillig. Die bedrae wat betaal word, is nie dieselfde as om belasting aan die sakeonderneming te betaal nie. Die toeris betaal die heffings en die sakeonderneming samel net die heffings in. Hierdie heffings word betaal aan die Toerismebesigheidsraad van Suid-Afrika (TBCSA), wat TOMSA administreer.

5. Suid-Afrika se handelsmerk-logo

Suid-Afrikaanse Toerisme se logo en korporatiewe identiteit is in 2009 herontwikkel in samewerking met die International Marketing Council (IMC). Die kleure van die Suid-Afrikaanse vlag kom in die logo voor en die inspirasie vir die logo is ’n trots op Suid-Afrika wat SAT by alle Suid-Afrikaners probeer kweek.

6. Geleenthede om Suid-Afrika en die Suider-Afrikaanse streek aan die wêreld te bemark

6.1 Toerisme Indaba

Dit is in besit van SAT en is een van die grootste gebeurtenisse vir toerismebemarking op die Afrika-kalender. Indaba kan vergelyk word met ander "moet-besoek"-gebeurtenisse van sy soort op die internasionale kalender, soos die WTM en ITB. Hierdie gebeurtenis in die toerismebedryf stal 'n groot verskeidenheid van Suider-Afrika se beste toerismeprodukte uit en lok internasionale besoekers en media van regoor die wêreld. Die Indaba vind jaarliks oor vier dae, gewoonlik in die middel van Mei, plaas. Dit lok maklik meer as 13 000 afgevaardigdes van die reis- en toerismebedryf, asook van verwante bedrywe.

6.2 Die Getaway-skou

Die Getaway-skou vind elke jaar plaas in beide die Wes-Kaap, gewoonlik gedurende Maart/April, en in Gauteng gedurende Augustus/September. Die skou word deur die uitgewers van die *Getaway*-tydskrif georganiseer en sluit 'n wye verskeidenheid uitstallers in, byvoorbeeld buitelugtoerustingmaatskappye, safaritoeroperateurs, en toeristebestemmings in Suider-Afrika.

Vrae

1. Wat is die twee hoofdoelwitte met die bemarking van Suid-Afrika as 'n bestemming? (4)

2. Wat is die kernbesigheid van Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT)? (2)

3. Noem drie bemarkingsaktiwiteite wat SAT onderneem. (6)

4. In watter segmente verdeel SAT die mark? (14)

5. Noem twee internasionale handelsuitstallings waaraan SAT deelneem. (4)

6. Noem twee plaaslike handelsuitstallings wat Suid-Afrika bemark. (4)

7. Verduidelik hoe SAT befonds word. (8)

Onderwerp 3 Volhoubare en verantwoordelike toerisme

Oorsig

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- die konsep en agtergrond van die driedubbele-slotreëlbenadering
- hoe toerisme-ondernemings verantwoordelik kan optree (omgewing, ekonomies en maatskaplik)
- gedragskodes vir toeriste-optrede (maatskaplik, ekonomies en omgewing)
- hoe ’n bestemming toeriste kan lok wat bewus is van die driedubbele slotreël
- hoe Fair Trade in Tourism South Africa bydra tot verantwoordelike en volhoubare praktyke
- hoe om gebruik te maak van gevallestudies van maatskappye wat die driedubbele-slotreël-benadering volg

Die drie pilare van volhoubare toerisme
- Die konsep en agtergrond van die driedubbele-slotreëlbenadering
- Omgewingsinvloede (planeet)
- Ekonomiese invloede (wins)
- Maatskaplike invloede (mense)

Verantwoordelike toerisme en toeriste
- Gedragskodes vir toeriste-optrede (maatskaplik, ekonomies en omgewing)
- Hoe kan ’n toerisme-bestemming omgewingsbewuste toeriste (mense, planeet, wins) lok?
- Die bydrae van Fair Trade in Tourism South Africa (FTTSA) om verantwoordelike en volhoubare praktyke te bevorder
- Gevallestudies van maatskappye wat die driedubbele-slotreëlbenadering volg

Eenheid 1 Die drie pilare van volhoubare toerisme

1. Die konsep en agtergrond van die driedubbele-slotreëlbenadering

Die term *slotreël* verwys na die slotreël van ’n finansiële staat, genoem die inkomstestaat. Hierdie reël wys hoeveel wins ’n maatskappy in ’n sekere tydperk gemaak het.

Namate internasionale toerisme aanhou groei het, het regerings besef dat toerisme meer as net ekonomiese invloede tot gevolg het. Toerisme het ook maatskaplike invloede (mense) en omgewingsinvloede (planeet). Hierdie twee aspekte vorm saam met die ekonomiese aspek (wins) die driedubbele-slotreëlbenadering.

As wins die enigste doelstelling was, sou menslike en natuurlike hulpbronne uitgebuit word. Daar moet dus ’n balans wees.

2. Omgewingsinvloede (planeet)

2.1 Hulpbronbestuur (energie en water)

Hulpbronbestuur verwys na die manier waarop skaars en beperkte hulpbronne bestuur word. Dit is belangrik dat toerisme-ondernemings hul energieverbruik verminder sodat hulle kan help om besoedeling te verminder en so ons beperkte hulpbronne beskerm. Eenvoudige goed soos om toestelle wat nie gebruik word nie en ligte af te skakel kan help om elektrisiteit te bespaar. Die voorraad varswater is beperk en groot dele van Suid-Afrika is baie droog en kry min reën. Ons moet water bewaar om te verseker dat daar genoeg water vir almal is. Eenvoudige goed soos om lekkende krane reg te maak help om water te bespaar.

2.2 Afvalbestuur

Afvalbestuur verwys na die bestuur van die hoeveelheid afval wat deur ’n toerisme-onderneming veroorsaak word. Dit is belangrik dat toerisme-ondernemings hul afval bestuur, aangesien afval ’n negatiewe invloed op die omgewing het. Daar is drie dinge rakende afvalbestuur om te onthou: verminder, hergebruik en herwin.

2.3 Rommelbeheer

Rommelbeheer behels die vermindering en voorkoming van rommel. Toeriste moet aangemoedig word om nie rommel te strooi nie. Toerisme-organisasies moet sorg dat hulle genoeg vullishouers voorsien en toeriste aanmoedig om rommel in die korrekte houers vir herwinning te plaas. Hulle moet toeriste ook aanmoedig om te verminder, hergebruik en herwin.

2.4 Besoedelingsbeheer

Toerisme-organisasies moet sover moontlik omgewingsvriendelike produkte gebruik. Dit word deur besoedelingsbeheer gedoen. Besoedeling moet verminder of heeltemal voorkom word. Dit sal verseker dat minder skadelike chemiese stowwe wat die grond en die water besoedel, geproduseer word. Sekere soorte afval, byvoorbeeld gebruikte motorolie, buisligte, batterye en elektroniese afval moet deur professionele afvalbestuurmaatskappye hanteer word.

2.5 Omgewingsvriendelike bouwerk

Omgewingsvriendelike bouwerk is die oprigting van nuwe geboue, soos hotelle, wat so ontwerp is dat dit die minimum negatiewe impak maak gedurende die bouwerk en wanneer dit in gebruik is.

2.6 Bevordering van inheemse flora en beheer van uitheemse indringerplante in terreine en tuine

Uitheemse indringerplante is plante wat nie natuurlik in ’n sekere gebied voorkom nie. Hulle groei dikwels buite beheer en beïnvloed die inheemse flora. Dit is beter om inheemse plante te gebruik wanneer ’n tuin byvoorbeeld vir ’n nuwe hotel beplan word, want hulle gebruik minder water en is deel van ons natuurerfenis.

3. Ekonomiese invloede (wins)

As toerisme-ondernemings goed vaar, het hulle ’n positiewe ekonomiese invloed op ’n bestemming. Toerisme-ondernemings kan ’n belangrike rol speel in die verantwoordelike en volhoubare bestuur van toerisme.

3.2 Verantwoordelike ingesteldheid van ’n toerisme-onderneming teenoor die mense en die omgewing wat daardeur geraak word

Toerisme-ondernemings moet besef dat hul ondernemings oor meer as net wins gaan. Hulle het ook ’n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en die omgewing waarin hulle bedryf word. Die belangrikste aspek van hierdie verantwoordelike ingesteldheid van ’n toerisme-onderneming is dat hulle nie die mense of die omgewing moet uitbuit vir wins nie.

3.3 Maniere om ekonomiese invloede te bestuur

- Eienaarskap: Dit is baie belangrik dat die regering plaaslike eienaarskap aanmoedig en bevorder.
- Werkgeleenthede: Die indiensneming van plaaslike inwoners is ook belangrik om te verseker dat die ekonomiese voordele van toerisme by daardie bestemming bly.
- Verkryging van plaaslike goedere en dienste: Deur die verkryging van plaaslike goedere (aankoop) by plaaslike verskaffers, sal toerisme-ondernemings die ekonomiese voordele van toerisme met die ander ondernemings by die bestemming deel.

4. Maatskaplike invloede (mense)

4.1 Positiewe en negatiewe invloede van toerisme op plaaslike gemeenskappe, kultuur en erfenis

Toerisme kan positiewe sowel as negatiewe invloede hê op gemeenskappe, hul kultuur en erfenis.

Voorbeelde van positiewe invloede sluit in:

- Toerisme skep ’n bewustheid van verskillende tradisies, kulture en kunsvorme.
- Toerisme kweek begrip tussen mense van verskillende kulture.
- Plaaslike gemeenskappe absorbeer nuwe idees, belangstellings en waardes van toeriste.
- Kultuurerfenis word bewaar en geld kan ingesamel word vir die onderhoud van kulturele terreine en museums.
- Die plaaslike gemeenskap leer om trots te wees op hul kultuur.
- Die geld wat gegenereer word kan gebruik word om die gemeenskap op te hef.

Voorbeelde van negatiewe gevolge sluit in:

- Misdaad en geweld kan toeneem.
- Kulturele veranderinge kan voorkom wanneer die plaaslike inwoners die kultuur van toeriste aanneem in plaas daarvan dat hulle waarde heg aan hul eie kultuur en erfenis.
- Die geld wat deur toerisme gegenereer word, word moontlik nie in die plaaslike gemeenskap teruggeploeg nie.
- Daar kan rassespanning wees tussen toeriste en plaaslike inwoners.
- Daar kan negatiewe toeristegedrag wees, soos dronkenskap in die openbaar.
- Spanning kan tussen toeriste en plaaslike inwoners ontstaan as die inwoners toegang geweier word tot plekke van kulturele belang.

- • Soms word privaatheid nie gerespekteer nie, heilige plekke word betree en kulturele seremonies word uitgebuit.

4.2 Korporatiewe maatskaplike belegging (CSI)

Korporatiewe maatskaplike belegging het betrekking op die bydrae wat ’n sakeonderneming (korporatief) lewer tot die gemeenskap waarin dit bedryf word. Dit kan baie vorme aanneem.

Eenheid 2 Verantwoordelike toerisme en toeriste

1. Gedragskodes vir toeriste-optrede (maatskaplik, ekonomies en omgewing)

Die meeste gidse en handboeke oor verantwoordelike toerisme fokus op wat toerisme-ondernemings moet doen om meer volhoubaar te wees. Daar is ook verskeie organisasies wat lyste gemaak het van maniere waarop toeriste meer verantwoordelike reisigers kan wees.

2. Hoe kan ’n toerisme-bestemming omgewingsbewuste toeriste (mense, planeet, wins) lok?

Mense van regoor die wêreld raak meer besorg oor volhoubaarheid. Daarom is toeriste meer begaan daaroor of toerisme-ondernemings verantwoordelike toerisme-praktyke implementeer. Toerisme-bestemmings kan die regte soort toeriste lok deur hul plek as ’n verantwoordelike toerisme-bestemming te bemark.

3. Die bydrae van Fair Trade in Tourism South Africa (FTTSA) om verantwoordelike en volhoubare praktyke aan te moedig

Fair Trade in Tourism South Africa (FFTSA) is ’n nie-regeringsorganisasie (NRO) wat volhoubare toerisme-ontwikkeling en verantwoordelike toerismebestuur bevorder.

FFTSA bevorder volhoubare en verantwoordelike toerisme deur:

- bewustheid oor kwessies rakende volhoubare toerisme te kweek
- navorsing te doen oor beter maniere om volhoubare toerisme te beplan en te implementeer
- voorspraak vir volhoubare toerisme te doen by toerisme-owerhede
- kapasiteit te bou deur middel van opleiding
- ’n Fair Trade-sertifikaatprogram oor toerisme te fasiliteer (die eerste van sy soort in die wêreld.

Vrae

1. Verduidelik wat die term *slotreël* beteken. (4)

2. Verduidelik wat die term *driedubbele-slotreëlbenadering* beteken? (4)

3. Noem twee dinge wat jy kan doen om met die bestuur van water en elektrisiteit te help. (4)

4. Watter drie begrippe is baie belangrik in afvalbestuur? [Have changed question because you don't have the concept of the three R's in Afrikaans. Answer will be the same] (6)

5. Verduidelik wat die term *omgewingsvriendelike bouwerk* beteken. (4)

6. Lys drie maniere waarop Fair Trade volhoubare en verantwoordelike toerisme bevorder. (6)

7. Wat word bedoel met die term *Korporatiewe Maatskaplike Belegging*? (4)

Onderwerp 4 Kultuur en erfenis

Oorsig

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- die begrip Wêrelderfenisterrein
- die rol van UNESCO
- die logo en hooffunksies van UNESCO
- die soorte Wêrelderfenisterreine
- beskrywings van die Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika
- die ligging van Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika
- hoe die Wêrelderfenisterreine aan UNESCO se kriteria voldoen
- die waarde van Wêrelderfenisterreine vir Suid-Afrikaanse toerisme.

Wêrelderfenisterreine

- Begrip: Wêrelderfenisterreine
- Die rol van UNESCO
- Soorte Wêrelderfenisterreine
- Die Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika
- Die waarde van Wêrelderfenisterreine vir die Suid-Afrikaanse toerismebedryf

Eenheid 1 Wêrelderfenisterreine

1. Begrip: Wêrelderfenisterreine

Erfenis is die nalatenskap wat deur vorige generasies bewaar word vir toekomstige generasies. Om Wêrelderfenisstatus te verkry, moet terreine buitengewone natuurlike, kulturele of geskiedkundige waarde hê en moet dit aan minstens een van UNESCO se tien kriteria vir keuring voldoen. ’n Land kan aansoek doen by UNESCO se Wêrelderfeniskomitee om ’n terrein as ’n Wêrelderfenisterrein te laat proklameer. ’n Plek wat as ’n Wêrelderfenisterrein verklaar word, word deur die minister van Omgewingsake en Toerisme geproklameer deur middel van ’n kennisgewing in die Staatskoerant en word dan op die Wêrelderfenislys geplaas. ’n Voorbeeld is Robbeneiland.

2. Die rol van UNESCO

Die United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) is ’n toonaangewende internasionale organisasie wat verantwoordelik is vir die beskerming en ontwikkeling van erfenis.

2.1 Die logo en hooffunksies van UNESCO

Die hooffunksies van UNESCO het betrekking op vyf areas, naamlik:

- onderwys
- natuurwetenskappe
- sosiale en menswetenskappe
- kultuur
- kommunikasie en inligting.

Voorbeelde van projekte wat deur UNESCO geborg word, is geletterdheidsprogramme en opleidingsprogramme vir onderwysers.

3. Soorte Wêrelderfenisterreine

Die drie soorte Wêrelderfenisterreine (WET) is:

Kultureel: Terreine waaraan Wêrelderfenisstatus toegeken word op grond van hul tasbare en ontasbare kulturele erfenis.
Natuurlik: Terreine waaraan Wêrelderfenisstatus toegeken word op grond van hul natuurlike erfenis.
Gemeng: Terreine waaraan Wêrelderfenisstatus toegeken word op grond van beide kulturele en natuurlike erfenis.

4. Die Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika

Daar is agt erfenisterreine in die land wat in die Wêrelderfenislys ingesluit is as gevolg van hul unieke kulturele en natuurlike waarde vir die hele mensdom.

Hulle is:

- Mapungubwe Kultuurlandskap
- Wieg van die Mensdom
- Die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap
- Robbeneiland
- iSimangaliso (Groter St. Lucia) Vleilandpark
- Vredefortkoepel
- uKhahlamba/Drakensberg Park
- Kaapse Blommeryk.

5. Die waarde van Wêrelderfenisterreine vir die Suid-Afrikaanse toerismebedryf

Hulle is waardevol om die volgende redes:

- Hulle maak beide plaaslike en buitelandse markte bewus van die bestaan van hierdie terreine.
- Dit vermeerder die ekonomiese waarde van die provinsies waarin hulle geleë is omdat hulle beide plaaslike en buitelandse besoekers lok.
- Hulle besorg ’n inkomste aan instellings naby Wêrelderfenisterreine wat dienste rakende verblyf, vervoer, voedsel, aandenkings en toegangsfooie lewer.

- Hulle bevorder noue samewerking tussen toerisme-organisasies en instellings wat erfenisterreinbestemmings bestuur om sodoende die gehalte van die besoeker-ervaring te verbeter.
- Hulle dra by tot ’n gevoel van eienaarskap en trots rakende die kulturele en natuurlike erfenis in die plaaslike gemeenskap.
- Hulle skep werkgeleenthede omdat hoër besoekersgetalle tot ’n groter vraag na dienste lei.
- Hulle het die verbetering van infrastruktuur wat toegang tot die terreine verleen, tot gevolg.

Vrae

1. Waarom word gebiede as Wêrelderfenisterreine verklaar? (8)

2. Wat is die rol van UNESCO? (2)

3. Noem die drie soorte Wêrelderfenisterreine. (6)

4. Noem die agt Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (16)

Onderwerp 5 Kommunikasie en kliëntediens

Oorsig

In hierdie onderwerp gaan jy leer van::

- die begrip kliëntterugvoer
- die doel van die verkryging van kliëntterugvoer
- metodes om kliëntterugvoer te verkry, insluitend opnames, vraelyste, terugvoerkaarte, opvolg-oproepe, SMS-boodskappe en webgebaseerde antwoorde
- hoe om terugvoer te ontleed, naamlik deur terugvoerdata te bestudeer en vas te lê, die mees algemene klagtes te identifiseer, oor ’n plan van aksie te besluit en die intervensieproses te begin
- die uitwerking van dienslewering op ’n organisasie en dié se winsgewendheid.

Metodes om kliëntterugvoer te verkry en kliënttevredenheid te meet

- Begrip: Kliëntterugvoer
- Doel van die verkryging van kliëntterugvoer
- Metodes om kliëntterugvoer te verkry
- Ontleding van kliëntterugvoer
- Die uitwerking van dienslewering op ’n organisasie se sakewinsgewendheid

Eenheid 1 Metodes om kliëntterugvoer te verkry en kliënttevredenheid te meet

1. Kliëntterugvoer

Kliëntterugvoer is inligting wat direk van kliënte kom oor hul tevredenheid al dan nie met ’n produk of diens. Kommentaar en klagtes van kliënte is vir ’n maatskappy ’n belangrike hulpmiddel om hul diens te verbeter en aan die behoeftes van kliënte te voldoen. Die inligting word verkry deur geskrewe of mondelinge opnames, aanlyn-vorms, eposse, briewe of telefoonoproepe van die kliënt na die maatskappy.

2. Doel van die verkryging van kliëntterugvoer

Die vier belangrikste redes om kliëntterugvoer te kry:

- innovering
- eksterne prestasieterugvoer
- om kliënte te behou
- vooraf-kennisgewing van nuwe tendense.

3. Metodes om kliëntterugvoer te verkry

Dit kan op ’n aantal maniere gedoen word, soos deur:

- opnames
- vraelyste
- terugvoerkaarte
- opvolg-oproepe
- SMS-boodskappe op selfone
- webgebaseerde antwoorde.

4. Ontleding van kliëntterugvoer

Die volgende stappe kan gedoen word om kliëntterugvoer te ontleed:

- Bestudeer die terugvoer.
- Identifiseer die mees algemene klagtes.
- Besluit op ’n plan van aksie.
- Begin die intervensieproses.

5. Die uitwerking van dienslewering op ’n organisasie se sakewinsgewendheid

Die invloed wat goeie dienslewering op ’n organisasie se sakewinsgewendheid het, sluit in:

- vermeerdering in verkope
- kliëntlojaliteit

- verbeterde openbare beeld
- doeltreffender werknemers
- gemotiveerde personeel
- verminderde bemarkingskoste.

Vrae

1. Verduidelik wat die term *kliëntterugvoer* beteken? (4)

2. Wat is die vier hoofredes om kliëntterugvoer te kry? (8)

3. Lys ses maniere wat ’n maatskappy kan gebruik om kliëntterugvoer te kry. (12)

4. Watter stappe word gedoen om kliëntterugvoer te ontleed? (8)

5. Lys ses voordele wat goeie dienslewering vir ’n organisasie se sakewinsgewendheid het. (12)

Kwartaal 4

Onderwerp 1 Toerismesektore

Oorsig

In hierdie onderwerp gaan jy leer van:

- faktore wat die professionele beeld van ’n maatskappy beïnvloed
- hoe belangrik die beeld van ’n maatskappy se personeel is
- basiese voorwaardes vir indiensneming in die toerismebedryf
- dienskontrakte
- die doel en waarde van ’n gedragskode.

Professionele beeld in die toerismebedryf
- Faktore wat tot ‘n professionele beeld in die toerismebedryf bydra
- Die beeld van personeel in die toerismebedryf

Voorwaardes vir indiensneming
- Inligting wat in ’n dienskontrak voorkom
- Basiese voorwaardes vir indiensneming in ’n toerismeveld

Die doel en waarde van ’n gedragskode
- Doel van ’n gedragskode
- Waarde van ’n gedragskode
- Voorbeelde van gedragskodes

Eenheid 1 Professionele beeld in die toerismebedryf

Dit is belangrik dat mense in die toerismebedryf ’n professionele beeld weergee. Die beeld van ’n toerisme-onderneming en sy personeel is baie belangrik wanneer hulle te doen kry met toeriste van verskeie lande, kulture en persoonlike agtergronde.

1. Faktore wat tot ’n professionele beeld in die toerismebedryf bydra

Die volgende faktore dra by tot die professionele beeld van ’n maatskappy:

- beeld van maatskappy [Repeat of info]
- maatskappypersoneel
- fisiese voorkoms en produkverpakking
- kliëntbeleid van maatskappy
- bemarkingsmateriaal
- omgewingsbeleid van maatskappy.

2. Die beeld van personeel in die toerismebedryf

Toeriste verwag professionaliteit van toerismewerknemers en dat hulle altyd netjies, doeltreffend en goed opgelei moet wees. As diensverskaffers onprofessioneel optree, skep dit ’n swak indruk.

Personeel moet ’n professionele beeld hê wat insluit:

- uniforms
- toepaslike kleredragkode
- goeie persoonlike higiëne en versorging
- interaksie met kliënte
- goeie kommunikasievaardighede.

Eenheid 2 Diensvoorwaardes

Diensvoorwaardes verwys na die reëls waarvolgens ’n werkgewer iemand in diens neem. Diensvoorwaardes dek ’n breë spektrum van werkverwante kwessies. Werknemers moet hierdie

voorwaardes deeglik lees voordat hulle ’n kontrak onderteken sodat enige misverstande en meningsverskille voorkom kan word.

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is op alle werkgewers en werknemers van toepassing, maar sluit die volgende uit:

- die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
- die Nasionale Intelligensiediens
- die Suid-Afrikaanse Geheimediens
- onbetaalde vrywilligers wat vir liefdadigheid werk.

1. Inligting wat in ’n dienskontrak voorkom
Die volgens besonderhede word gewoonlik in ’n dienskontrak ingesluit:

- details van werkgewer en werknemer
- details van indiensneming
- besonderhede oor vergoeding
- verlofbesonderhede
- tydperk van kennisgewing vir diensbeëindiging/kontraktydperk.

2. Basiese voorwaardes vir indiensneming in ’n toerismeveld

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal die volgende:

- Werkers mag nie toegelaat word om vir meer as 45 uur per week of nege uur per dag te werk nie.
- Werknemers mag nie gedwing word om oortyd te werk nie, en volgens ooreenkoms vir nie meer as tien uur per week nie.
- Oortyd moet teen 1,5 keer die normale loon betaal word.
- Werknemers moet ’n etenstyd van een uur ná vyf uur van werk hê.
- Werknemers moet ’n daaglikse rusperiode van 12 opeenvolgende uur en ’n weeklikse rusperiode van 36 opeenvolgende uur hê.
- Werknemers wat nou en dan op Sondag werk moet dubbel betaal word, en diegene wat normaalweg op ’n Sondag werk moet 1,5 keer die normale loon betaal word. Werknemers kan nie gedwing word om op ’n openbare vakansiedag te werk nie, en moet dubbel betaal word indien hulle instem om dit te doen.
- Werknemers is geregtig op 21 opeenvolgende dae jaarlikse verlof of, volgens ooreenkoms, een dag vir elke 17 dae wat gewerk is.
- Werknemers kan nie geld in stede van vakansie ontvang nie, behalwe wanneer hulle die maatskappy verlaat.
- Werknemers is geregtig op ses weke betaalde siekverlof in ’n periode van 36 maande.
- Swanger werknemers is geregtig op vier opeenvolgende maande kraamverlof, hoewel hulle nie gedurende hierdie tyd betaal hoef te word nie.
- Voltyds werknemers is geregtig op drie dae betaalde verlof vir gesinsverantwoordelikhede per jaar, maar ’n werkgewer kan vra vir redelike bewys van die omstandighede.

Eenheid 3 Die doel en waarde van ’n gedragskode

’n Gedragskode is ’n stel reëls wat die verantwoordelikhede van of behoorlike praktyke vir ’n individu, party of besigheid uitstippel. Die gedragskode neem die doelstellings en doelwitte van die organisasie in ag. Dit bevat prosedures wat in sekere situasies gevolg moet word en vereis sekere optredes.

1. Die doel van ’n gedragskode

’n Gedragskode:

- spel die verwagte optrede uit van personeel in die uitvoering van hul pligte
- gee leiding aan personeellede wat met etiese uitdagings te doen kry
- gee leiding oor gedrag
- help sakeondernemings om toe te sien dat hul werknemers verantwoordelik optree
- beskerm sakeondernemings teen regsgedinge en sorg vir ’n goeie werkruimte en openbare
- dien as ’n openbare gesig vir die onderneming en kommunikeer die etiek van die organisasie aan die buitewêreld
- word as verwysing gebruik vir ’n onderneming se voorgestelde werkswyse, of wanneer hierdie werkwyse bevraagteken word.

2. Waarde van ’n gedragskode

’n Gedragskode:

- skep ’n atmosfeer van samehorigheid en samewerking
- help om integriteit in die werksplek te bevorder
- skep vir die onderneming gedrag en werkwyses waaroor ooreengekom is
- lei tot beter prestasie in die maatskappy indien die gedragskode verband hou met die doelstellings en doelwitte van die maatskappy
- bevorder ’n goeie maatskappy-kultuur omdat werknemers weet watter optrede van hulle verwag word
- help met die ontwikkeling van goeie kommunikasie tussen die werkgewer en werknemers
- sit die maatskappy se unieke stel waardes en oortuigings uiteen
- kan gebruik word vir publisiteit en om nuwe kliënte te lok.

3. Voorbeelde van gedragskodes

3.1 Suid-Afrikaanse Nasionale Parke

Die Raad van SANParke is sterk verbind tot ’n beleid van billike onderhandeling en integriteit in die bestuur van hul onderneming. Hul verbintenis is gegrond op die oortuiging dat alle aktiwiteite eerlik, billik en volgens die wet uitgevoer moet word. Die vernaamste doel van die gedragskode is positief: om voorbeeldige gedrag te bevorder.

3.2 Southern Africa Tourism Services Association (SATSA)

Die SATSA-gedragskode is daarop gerig om toe te sien dat die publiek die beste moontlike diens van lede ontvang. Die vereniging streef daarna om hul reputasie, status en goeie naam te handhaaf en uit te bou.

Vrae

1. Lys ses faktore wat bydra tot die professionele beeld van ’n maatskappy. (12)

2. Lys vyf faktore wat bydra tot die professionele beeld van personeel. (10)

3. Die Wet op Basiese Dienswaardes is van toepassing op alle werkgewers, maar sluit watter uit? (8)

4. Watter details word gewoonlik in ’n indiensnemingskontrak ingesluit? (10)

5. Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal dat werkers nie meer as hoeveel uur per week behoort te werk nie? (2)

6. Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal dat werkers watter skaal vir oortyd betaal word. (2)

7. Verduidelik wat die term *gedragskode* beteken. (4)

8. Gee twee voorbeelde van organisasies in Suid-Afrika wat gedragkodes het. (4)

Antwoorde

Kwartaal 1

Onderwerp 1

1. ’n Wêreldgebeurtenis is ’n georganiseerde gebeurtenis waarby mense uit lande van regoor die wêreld betrokke is. Daar is baie verskillende soorte wêreldgebeurtenisse en hulle kan baie media-aandag trek. (4)

2. Die Olimpiese Spele is die grootste sportgebeurtenis ter wêreld, die FIFA Sokkerwêreldbeker is die tweede grootste en die Tour die France-fietstoer, wat hoofsaaklik in Frankryk aangebied word, is derde. (4)

3. Die woord “indaba” is ’n Zulu-woord wat beteken “’n vergadering van die oues”, maar word ook as algemene term vir vergaderings, uitstallings en konferensies gebruik. Die Toerisme-indaba is Suid-Afrika se toonvenster vir toerisme. Dit is die grootste handelsuitstalling vir inkomende reise in Afrika en word jaarliks gehou. (6)

4. Die generering van valuta-inkomste, beleggings, die vermenigvuldigereffek soos geld wat deur ’n toeris bestee word deur die ekonomie sirkuleer, ontwikkeling van infrastruktuur in die gasheerland, werkskepping, toekomstige groei in internasionale toerisme. (12)

5. Fasiliteite wat vir die gebeurtenis gebou is, is dalk nie geskik vir plaaslike gebruik ná die tyd nie; binnelandse toerisme in die gasheerland neem gewoonlik af gedurende die gebeurtenis; besoedeling van gebiede in en om die plekke wat tydens die gebeurtenis gebruik word; moontlike veiligheidsrisiko's; dit kan die land lank neem om sy skuld terug te betaal; konstruksiewerkers wat betrokke is by die bou van paaie en ander geriewe ter voorbereiding vir die gebeurtenis, kan hul werk verloor sodra die konstruksiewerk voltooi is. (12)

6. Burgeroorlog, terrorisme, algemene onrus. (6)

7. Natuurrampe, siektes, tsoenami's, aardbewings, wêreldwye resessie, ongelukke. (2)

8. Reisigers wat reeds bespreek het kan dalk hulle besprekings kanselleer; toeriste wat nog nie hul besprekings na geaffekteerde gebiede gedoen het nie, stel hul besprekings uit, of gaan na ander plekke; toeroperateurs vermy dit om reise na geaffekteerde lande te bespreek; lugredery staak hul vlugte na geaffekteerde gebiede. (8)

9. Malaria, geelkoors, voëlgriep, varkgriep. (4)

10'n Tsoenami is 'n reeks baie groot golwe in die oseaan wat veroorsaak word deur 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting onder die water. Die groot golwe beskadig infrastruktuur, geboue, besienswaardighede, hawens, kuslyne en strande. (4)

Onderwerp 2

1. Pakkettoer, begeleide pakkettoer, pakkettoer vir groepe, onafhanklike pakkettoer, geskeduleerde toere. (10)

2. 'n Toeristeprofiel is 'n opsomming van persoonlike inligting en feite wat verband hou met die toeris se begeertes en verwagtinge. Die toeristeprofiel help die reisagent om 'n toer te beplan en om seker te maak dit voldoen aan die toeris se behoeftes. (4)

3. 'n Geldige paspoort, 'n geldige visum, voldoende fondse om hul verblyf in die land te dek, 'n retoerkaartjie of 'n opvolgkaartjie na 'n ander land, internasionale wette vereis dat reisigers, wat die grense van lande oorsteek waar geelkoors endemies is, 'n inenting teen geelkoors moet kry. (10)

4. 'n Identiteitsnommer, twee paspoortfoto's, vingerafdrukke moet geneem word indien die persoon 16 jaar of ouer is, 'n fooi wat afhanklik is van die soort paspoort waarvoor aansoek gedoen word. (8)

5. DBT is 'n manier om daglig beter te benut deur die horlosie vooruit te stel gedurende die somermaande (en so een uur te verloor) wanneer DBT begin, en deur dit weer een uur terug te stel in die wintermaande (en so een uur te wen) wanneer DBT eindig. (4)

6. Die woord tydsone verwys na enige van die 24 lengteverdelings van die aarde se oppervlak waarin 'n standaardtyd gehou word, met die primêre verdeling deur die Greenwich-meridiaan. Elke sone is 15° breed, met plaaslike variasies, en dui 'n horlosietyd aan van een uur vroeër as die sone net oos daarvan. (4)

7. Vlugvoosheid is 'n algemene gevoel van moegheid en disoriëntasie wat reisigers met straalvliegtuie dikwels ervaar wanneer hulle verskeie tydsone in 'n relatiewe kort tyd oorsteek. (4)

8. Hulle drink nie alkoholiese drankies die dag voor die vlug, tydens die vlug, of die dag na die vlug nie; hulle drink nie kafeïendrankies voor, tydens of net na die vlug nie; hulle drink baie water om die uitwerking van droë lug in die vliegtuig teë te werk; hulle eet nie te veel op die vliegtuig nie; hulle doen van tyd tot tyd beenoefeninge terwyl hulle in die vliegtuig sit; hulle staan elke uur of twee op en loop rond; hulle drink nie slaappille nie; hulle slaap nie vir meer as ’n uur op ’n keer nie; hulle breek ver reise oor baie tydsones op met verblyf in ’n stad omtrent halfpad na hul bestemming, indien moontlik; hulle dra gemaklike klere en skoene; hulle gebruik slaaphulpmiddels. (8)

9. Die Aarde word deur die ewenaar verdeel in die Noordelike en die Suidelike Halfrond, en deur die Greenwich Meridiaan in die Oostelike en die Westelike Halfrond. (4)

10.
Stap 1: Soek ’n plek waarvan jy reeds die tyd en dag weet op ’n tydsonekaart.
Stap 2: Soek die plek waarvan jy die tyd en dag van die week wil weet op ’n tydsonekaart.
Stap 3: Tel die tydsones tussen die twee plekke.
Stap 4: Bereken die tyd deur vir elke tydsone een uur by te tel of af te trek, afhangend van of jy oos of wes beweeg.
Stap 5: As jy die Internasionale Datumlyn oorgesteek het, identifiseer die dag. (10)

Kwartaal 2

Onderwerp 1

1. Toeriste-besienswaardighede is plekke wat toeriste graag besoek, soos nasionale parke en erfenisterreine. ’n Ikoon is ’n toeriste-besienswaardigheid wat wêreldberoemd is en verteenwoordigend of simbolies is van die land of stad waarin dit geleë is. (4)

2. Ikone is uniek en toeriste vind hulle fassinerend omdat hulle die enigste van hul soort in die wêreld is. (2)

3. Robbeneiland en Nelson Mandela. (2)

4. (Leerders kan enige tien van die onderstaande lys)

Australië: Sydney Operahuis, Ayers Rock/Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park
Brasilië: Die Standbeeld van Christus die Verlosser
Kanada: Niagara-waterval
Italië: Die Colosseum, Die Leunende Toring van Pisa, Venesië, die Vatikaanstad
Egipte: Die Groot Piramides van Giza, die Sfinks
Duitsland: Berlynse Muur en die Bandenburg Poort, die Swartwoud
China: Die Groot Muur van China
Israel: Die Koepel van die Rots, die Klaagmuur
Griekeland: Die Parthenon
Indië: Die Taj Mahal
Turkye: Die Blou Moskee
Frankryk: Die Eiffel-toring, die Franse Riviera
Japan: Berg Fuji
Mexiko: Chichén Itzá (Yucatan)
Jordanië: Petra
Nepal: Berg Everest

Saoedi-Arabië: Mekka
Switserland: Die Switserse Alpe
Nederlands: Meulnetwerk by Kinderdijk, Elshout
Peru: Machu Picchu (Cuzcu)
Pole: Auschwitz Konsentrasiekamp
Portugal: Die Algarve
Spanje: Alcazar van Segovia, bulgevegte
Thailand: Drywende markte
Rusland: Die Kremlin, die Rooi Plein
Verenigde Koninkryk: Big Ben, Buckingham Paleis, Toring van Londen, Londen-brug
Verenigde State van Amerika: Die Vryheidstandbeeld, die Grand Canyon. (20)

5. Werklike aantal besoekers oorskry die teikengetal besoekers; herhaalde besoeke; inkomste oorskry teikenbedrae; positiewe uitwerking op die plaaslike gemeenskap en omgewing. (8)

6. Is ’n effek in die ekonomie waar ’n toename in besteding tot ’n toename in nasionale/streeksinkomste en verbruik groter as die aanvanklike toename lei. (4)

7. Goeie induksieprogramme en deurlopende opleiding. (4)

8. Vervoer na die besienswaardigheid, vervoer by die besienswaardigheid, parkering, verblyfgeriewe, toiletgeriewe, inligting, ondersteuningsgeriewe en dienste. (14)

9. Ja. (2)

10. Bemarking, inkomste en finansiële bestuur, menslike hulpbronne, besoekersbestuur, bedryfsbestuur. (10)

Onderwerp 2

1. Die woorde buitelandse valuta verwys na die verhandeling van een geldeenheid vir ’n ander, of die omskakeling van een geldeenheid na ’n ander. Buitelandse valuta verwys ook na die wêreldmark waar 24 uur aaneen virtueel verhandel word. Hierdie valutamark staan ook bekend as “forex” (die afkorting vir die Engelse woorde “foreign exchange”). (4)

2. Die BBP is ’n maatstaf van ’n land se nasionale inkomste. BBP is ’n maatstaf van al die goedere en dienste wat binnelands gelewer word, gewoonlik binne die tydperk van een kalenderjaar. Die komponente wat ingesluit word, is verbruikersbesteding, investering deur die nywerheid, waarde van uitvoere minus waarde van invoere, en staatsbesteding. (4)

3. ’n Sterk geldeenheid, ook bekend as ’n harde geldeenheid, verwys na ’n geldeenheid wanneer dit relatief tot ander geldeenhede meer werd is. ’n Swak geldeenheid, ook bekend as ’n sagte geldeenheid, is ’n geldeenheid waarvan die waarde mettertyd beduidend gedaal het teenoor ander geldeenhede en wat onvoorspelbaar sal fluktueer of waarde sal verloor teen ander geldeenhede. (4)

4. (Enige drie van die volgende)
- ’n Swak geldeenheid is goed vir lande wat meer uitvoere as invoere het omdat hul uitvoere goedkoper sal word vir buitelandse kopers.
- ’n Swak geldeenheid sal vervaardiging en uitvoer na gebiede met ’n sterker geldeenheid stimuleer.

- Daar sal ’n toename in vervaardiging en werkskepping wees as die vraag na uitvoere vermeerder.
- Meer buitelandse toeriste sal besoeke aan lande met swak geldeenhede kan bekostig omdat dit hul koopkrag kan vermeerder.
- Invoere word duurder vir die lande met swak geldeenhede.
- Hoër pryse vir buitelandse produkte verhoog die lewenskoste in lande met swak geldeenhede.
- Koopkrag verminder vir mense in lande met swak geldeenhede.
- ’n Swak geldeenheid het ’n negatiewe gevolg vir mense wat beplan om te reis na gebiede met ’n sterk geldeenheid. (6)

5 Inflasie, rentekoerse, handelsbalans, ruilvoet, staatskuld, politieke en ekonomiese onstabiliteit, arbeidsbeskouing van ’n land. (14)

6. Dit maak internasionale reise duurder vir Suid-Afrikaners; dit maak reis in Suid-Afrika goedkoper vir buitelandse toeriste. (4)

7. Die bankaankoopkoers, die bankverkoopkoers. (4)

8.
Stap 1: Identifiseer die wisselkoers van die geldeenheid wat jy wil hê en vind die ISO-kode. Byvoorbeeld, die geldeenheidkode vir die rand is ZAR, terwyl dié van die VS-dollar USD is.
Stap 2: Kyk wat is die wisselkoers vir jou twee geldeenhede.
Stap 3: Bereken die wisselkoers deur na ’n geldeenheidpaar (twee geldeenhede) te kyk. Die eerste geldeenheid in die paar, bekend as die basisgeldeenheid, is die transaksiegeldeenheid en die tweede geldeenheid is die betalingsgeldeenheid. (6)

9. (Enige drie hieronder)

- Invoere word goedkoper vir lande met ’n sterk geldeenheid.
- Ingevoerde goedere en dienste, veral brandstof, raak meer bekostigbaar.
- Uitvoere word duurder. Lande met ’n sterk geldeenheid sal minder uitvoer omdat die aanvraag sal afneem.
- Binnelandse vervaardiging sal afneem omdat daar ’n kleiner vraag van beide die binnelandse en buitelandse markte is.
- Minder buitelandse toeriste sal besoeke aan lande met ’n sterk geldeenheid kan bekostig omdat dit hul koopkrag sal verminder.
- Koopkrag vermeerder vir mense in lande met ’n sterk geldeenheid.
- ’n Sterk valuta het ’n positiewe gevolg vir mense wat beplan om te reis na gebiede met ’n swak valuta.

10. Elke keer wanneer daar ’n inspuiting van nuwe aanvraag in die sirkulêre vloei is, is daar waarskynlik ’n vermenigvuldigereffek. Dit is omdat ’n inspuiting van ekstra inkomste tot meer besteding lei, wat meer inkomste skep, en so meer. Die vermenigvuldigereffek verwys na die toename in finale inkomste wat uit enige nuwe inspuiting van besteding spruit. (4)

Kwartaal 3

Onderwerp 1

1. Elektroniese fondsoordrag. (2)

2. Dit is veilig; dit is doeltreffend en vinnig; dit is goedkoper as betalings en invorderings per tjek; geld kan oral in die wêreld oorgedra word. . (8)

3. Telegrafiese oorplasings is ’n tipe elektroniese fondsoordrag van een persoon of instansie na ’n ander. ’n Telegrafiese oorplasing kan van een bankrekening na ’n ander gedoen word, of deur die oorplasing van kontant by ’n kontantkantoor. Telegrafiese oorplasingstelsels het ten doel om transaksies meer te individualiseer as wat massa-betaalstelsels doen. (4)

4. (Een van die twee hieronder gelys)
As jy sonder kontant oorsee gestrand is, kan iemand by die huis binne ’n dag elektronies vir jou geld stuur. Jy het nie die internet nodig nie omdat banke die inligting regstreeks vir mekaar stuur. (2)

5. Hulle kan tyd spaar; dit is nie nodig om in lang rye te staan om ’n rekening te betaal nie; mense kan enige tyd op hul rekeninge aanteken om die jongste staat van hul transaksies te kry; lae transaksiefooie. (8)

6. Geen internettoegang kan laat betalings tot gevolg hê; daar is geen direkte kontak met die onderneming waarby ’n produk of diens gekoop is nie; rekenaarmisdaad kan daartoe lei dat geld gesteel word; misdadigers teken ’n gebruiker se toetsbordaanslag en gebruik dan hierdie inligting om onwettige toegang tot rekeninge te verkry. (8)

7. ’n Kredietkaart is ’n kaart wat deur ’n finansiële instelling uitgereik word en die houer die opsie gee om geld te leen, veral by ’n verkooppunt. Kredietkaarte vra rente en word hoofsaaklik vir korttermynfinansiering gebruik. Rente begin gewoonlik oploop een maand nadat ’n aankoop gemaak is en leenlimiete word vooraf gestel volgens die individu se kredietgradering. (4)

8. Kaarte kan gebruik word om duur items te koop; die skuld kan oor ’n tydperk afbetaal word; dit keer dat groot bedrae kontant saamgedra moet word; die meeste sakeondernemings aanvaar kredietkaarte as ’n vorme van betaling. (6)

9. Buitelandse markaandeel is dié deel van die inkomende toerismemark wat ’n spesifieke land beheer en sluit beide die aantal toeriste en die bedrag wat hulle spandeer in. (4)

10. Landreismarkte en lugreismarkte. (4)

Onderwerp 2

1. Toename in die jaarlikse volume van buitelandse aankomste na Suid-Afrika; toename in internasionale bewustheid van Suid-Afrika as ’n reisbestemming. (4)

2. Bemark Suid-Afrika as ’n bestemming, beide plaaslik en internasionaal. (2)

3. Deelname aan groot reisuitstallings (plaaslik en internasionaal); advertensie, openbare betrekkinge en regstreekse posveldtogte; aanbieding van opvoedkundige werksessies met internasionale vennote van Suid-Afrika se reisbedryf. (6)

4. Kernmarkte, beleggingsmarkte, taktiese markte, observasiemarkte, markte van strategiese belang, en strategiese lugverbindingsmarkte of kernpuntmarkte. (14)

5. ITB (Berlyn) en die World Travel Market (Londen). (4)

6. Toerisme Indaba en die Getaway-skou. (4)

7. SAT het baie geld nodig omdat internasionale bemarking duur is. Toerisme Bemarkingsheffing Suid-Afrika (TOMSA) het in 1998 tot stand gekom om bykomende fondse vir die bemarking van Suid-Afrika as bestemming in te samel. Dit is ’n privaatsektor-inisiatief. SAT gebruik hierdie fondse om die land as ’n voorkeurbestemming vir toeriste, plaaslik en internasionaal, te bevorder.

Die TOMSA-heffing beloop 1% van elke bevestigde bespreking. Die insameling van die TOMSA-heffing deur toerisme-ondernemings is vrywillig. Die bedrae wat betaal word, is nie dieselfde as om belasting aan die sakeonderneming te betaal nie. Die toeris betaal die heffings en die sakeonderneming samel net die heffings in. Hierdie heffings word betaal aan die toerismebesigheidsraad van Suid-Afrika (TBCSA), wat TOMSA administreer.

(8)

Onderwerp 3

1. Die term *slotreël* verwys na die slotreël van ’n finansiële staat, genoem die inkomstestaat. Hierdie reël wys hoeveel wins ’n maatskappy in ’n sekere tydperk gemaak het. (4)

2. Namate internasionale toerisme aanhou groei het, het regerings besef dat toerisme meer as net ekonomiese invloede tot gevolg het. Toerisme het ook maatskaplike invloede (mense) en omgewingsinvloede (planeet). Hierdie twee aspekte vorm saam met die ekonomiese aspek (wins) die driedubbele-slotreël-benadering. As wins die enigste doelstelling was, sou menslike en natuurlike hulpbronne uitgebuit word. Daar moet dus ’n balans wees.
(4)

3. Sit toestelle af wat nie gebruik word nie en maak lekkende krane reg. (4)

4. Verminder, hergebruik, herwin. (6)

5 Omgewingsvriendelike bouwerk is die oprigting van nuwe geboue, soos hotelle, wat so ontwerp is dat dit die minimum negatiewe impak maak gedurende die bouwerk en wanneer dit in gebruik is. (4)

6. (Enige drie hieronder)
Kweek bewustheid oor kwessies rakende volhoubare toerisme; doen navorsing oor beter maniere om volhoubare toerisme te beplan en te implementeer; doen voorspraak vir volhoubare toerisme te by toerisme-owerhede; bou kapasiteit deur middel van opleiding; fasiliteer ’n Fair Trade-sertifikaatprogram oor toerisme, die eerste van sy soort in die wêreld. (6)

7. Korporatiewe maatskaplike belegging is hoe maatskappye hul gemeenskappe help. Hulle bied geld, tyd of kundigheid aan wat plaaslike nie-winsgewende organisasies kan gebruik om oplossing vir beduidende maatskaplike probleme te vind. (4)

Onderwerp 4

1. Erfenis is die nalatenskap wat deur vorige generasies bewaar word vir toekomstige generasies. Om Wêrelderfenisstatus te verkry, moet terreine buitengewone natuurlike, kulturele of geskiedkundige waarde hê en moet dit aan minstens een van UNESCO se tien kriteria vir keuring voldoen. ’n Land kan aansoek doen by UNESCO se Wêrelderfeniskomitee om ’n terrein as ’n Wêrelderfenisterrein te laat proklameer. ’n Plek wat as ’n Wêrelderfenisterrein verklaar word, word deur die minister van Omgewingsake en Toerisme geproklameer deur middel van ’n kennisgewing in die Staatskoerant en word dan op die Wêrelderfenislys geplaas. ’n Voorbeeld is Robbeneiland. (8)

2. UNESCO is verantwoordelik vir die beskerming en ontwikkeling van erfenisterreine. (2)

3.
Kultureel: Terreine waaraan Wêrelderfenisstatus toegeken word op grond van hul tasbare en ontasbare kulturele erfenis.
Natuurlik: Terreine waaraan Wêrelderfenisstatus toegeken word op grond van hul natuurlike erfenis.
Gemeng: Terreine waaraan Wêrelderfenisstatus toegeken word op grond van beide kulturele en natuurlike erfenis. (6)

4. Mapungubwe Kultuurlandskap, Wieg van die Mensdom, die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap, Robbeneiland, iSimangaliso (Groter St. Lucia) Vleilandpark, Vredefortkoepel, uKhahlamba/Drakensberg Park, Kaapse Blommeryk. (16)

Onderwerp 5

1 Kliëntterugvoer is inligting wat direk van kliënte kom oor hul tevredenheid al dan nie met ’n produk of diens. Kommentaar en klagtes van kliënte is vir ’n maatskappy ’n belangrike hulpmiddel om hul diens te verbeter en aan die behoeftes van kliënte te voldoen. Die inligting word verkry deur geskrewe of mondelike opnames, aanlyn-vorms, eposse, briewe of telefoonoproepe van die kliënt na die maatskappy. (4)

2. Innovering, eksterne prestasieterugvoer, om kliënte te behou, vooraf-kennisgewing van nuwe tendense. (8)

3. Opnames, vraelyste, terugvoerkaarte, opvolg-oproepe, SMS-boodskappe en webgebaseerde antwoorde. (12)

4. Bestudeer die terugvoerdata, identifiseer die mees algemene klagtes, besluit oor ’n plan van aksie, begin die intervensieproses. (8)

5. Vermeerdering in verkope, kliëntlojaliteit, verbeterde openbare beeld, doeltreffender werknemers, gemotiveerde personeel, verminderde bemarkingskoste. (12)

Kwartaal 4

Onderwerp 1

1. Beeld van maatskappy, maatskappypersoneel, fisiese voorkoms en produkverpakking, kliëntebeleid van maatskappy, bemarkingsmateriaal, omgewingsbeleid van maatskappy. (12)

2. Uniforms, toepaslike kleredragkode, goeie persoonlike higiëne en versorging, interaksie met kliënte, goeie kommunikasievaardighede. (10)

3. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, die Nasionale Intelligensiediens, die Suid-Afrikaanse Geheimediens, onbetaalde vrywilligers wat vir liefdadigheid werk. (8)

4. Details van werkgewer en werknemer, details van indiensneming, besonderhede oor vergoeding, verlofbesonderhede, tydperk van kennisgewing vir diensbeëindiging/kontraktydperk. (10)

5. Werkers mag nie meer as 45 uur per week of nege uur per dag werk nie. (2)

6. Oortyd moet teen 1,5 keer die normale loon betaal word. (2)

7. ’n Gedragskode is ’n stel reëls wat die verantwoordelikhede van of behoorlike praktyke vir ’n individu, party of besigheid uitstippel. Die gedragskode neem die doelstellings en doelwitte van die organisasie in ag. Dit bevat prosedures wat in sekere situasies gevolg moet word en vereis sekere optredes. (4)

8. Suid-Afrikaanse Nasionale Parke en die Southern Africa Tourism Services Association (SATSA). (4)